12.3 Enige tydperk van werk wat onderbreek word deur pouses van minder as een uur, moet as ononderbroke beskou word.

SKEDULE

Maandag, Dinsdag, Woensdag, Donderdag, Vrydag: Werkure mag nie agt in 'n 24-uurtydperk oorskry nie.

Saterdag: Werkure mag nie ses in 'n 24-uurtydperk oorskry nie.

12.4 *Werkure moet agtereenvolgend wees:*

Alle werkure van 'n werknemer moet agtereenvolgend wees, behalwe etenspouses.

12.5 Alle werknemers moet 'n pouse van ten minste een uur vir etenstyd vir elke werkdag toegelaat word: Met dien verstande dat in plaas van 'n etenspouse, 'n werkgewer en sy werknemer mag ooreenkom dat die werknemer die tyd sal afneem soos wat wedersyds aanvaarbaar is, en sulke tyd moet as gewone werkure beskou word.

12.6 Nieteenstaande klousule 12.5, in die geval waar 'n openbare vakansiedag gedurende die week voorkom, mag alle opgelope tyd kragtens klousule 12.5 soos volg geneem word:

12.6.1 Die werknemer kan teen die voorgeskrewe oortydloon betaal word vir alle ure wat kragtens klousule 12.6 gewerk is.

12.6.2 Die werknemer kan normale etenspouses neem van ten minste een uur per dag.

12.7 Geen werknemer mag enige haarkapperswerk buite die ure in klousule 12.3 bepaal, onderneem of uitvoer nie.

12.8 Ingesluit in die werkure van 'n werknemer wat 'n leerlinghaarkapper is, is enige tyd wat hy van die werk afwesig is vir die doel van—

(a) bywoning, soos deur die Raad vereis word, van 'n opleidingsinrigting goedgekeur deur die Raad;

(b) bywoning van enige eksamen deur die Raad aangewys, as sulke bywoning val op 'n dag wat nie 'n Sondag of openbare vakansiedag is nie.

12.9 *Oortyd:*

Alle ure wat meer as die gewone weeklikse ure, soos in die bogemelde Skedule voorgeskryf, gewerk is, moet as oortyd beskou word, en enige gedeelte van 'n uur moet as een uur beskou word.

12.9.1 *Betaling vir alle oortyd gewerk insluitende werk op Sondag en/of openbare vakansiedag:* 'n Werkgewer moet sy werknemer, ten opsigte van elke uur oortyd gewerk deur so 'n werknemer, betaal teen 'n koers van die minder nie as een en 'n halwe (1,5) keer sy voorgeskrewe basiese uurloon. Sodanige uurloon moet soos volg bereken word:

Stap 1:

Voorgeskrewe maandelikse basiese loon gedeel deur 4 en 'n derde (4,33):

= Voorgeskrewe Basiese Loon
4,33

= Voorgeskrewe weekloon.

12. HOURS OF WORK AND PAYMENT FOR OVERTIME AND WORK ON SUNDAYS AND PUBLIC HOLIDAYS

12.1 No employer shall work nor shall an employer require or permit an employee to work for more than 46 hours during any week of six working days, other than as provided in clause 12.9 below.

12.2 The working days and ordinary daily hours of work shall be in accordance with the schedule below, with an interval of one hour for lunch to be taken between 11:30 and 14:30 on Mondays to Fridays (inclusive): Provided that an employer shall not require or permit an employee to work for more than five hours continuously on any day without an interval of not less than one hour during which no work shall be performed, and such interval shall not be deemed to be part of the ordinary hours of work.

12.3 Any period of work interrupted by intervals of less than one hour shall be deemed to be continuous.

SCHEDULE

Mondays, Tuesday, Wednesdays, Thursdays, Fridays: Hours of work not to exceed eight in a 24-hour period.

Saturdays: Hours of work not to exceed six in a 24-hour period.

12.4 *Hours of work to be consecutive:*

All hours of work of an employee shall be consecutive except for meal intervals.

12.5 All employees shall be allowed an interval of at least one hour for a meal on all working days: Provided that in lieu of the meal intervals an employer and his employee may agree that the employee will take the time off at a mutually acceptable time. Such time off will be deemed to be ordinary hours worked.

12.6 Notwithstanding clause 12.5, in the event of a public holiday falling during the week, all accumulated time in terms of clause 12.5 may be taken as follows:

12.6.1 The employee may be paid at the prescribed overtime rate for all hours worked in terms of clause 12.6.

12.6.2 The employee may take normal meal intervals of at least one hour per day.

12.7 No employee shall undertake or perform any hair-dressing work outside the hours laid down in clause 12.3.

12.8 Included in the hours of work of an employee who is a trainee hairdresser shall be any time away from work for the purposes of—

(a) attendance required by the Council at a training institution approved by the Council;

(b) attendance at any examination as directed by the Council, if such attendance falls on a day other than a Sunday or public holiday.

12.9 *Overtime:*

All hours worked in excess of the ordinary weekly hours prescribed in the above Schedule shall be deemed to be overtime and any part of an hour shall be deemed to be one hour.

12.9.1 *Payment for all overtime worked, including work on a Sunday and/or public holidays:* An employer shall pay his employee in respect of each hour of overtime worked by such employee at a rate of not less than one and a half (1,5) times his prescribed basic hourly rate. Such hourly rate to be calculated as follows:

Step 1:

Prescribed monthly basic rate divided by 4 and 1 third (4,33):

= Prescribed Basic Rate
4,33

= Prescribed weekly wage.

Stap 2:

Voorgeskrewe weekloon gedeel deur 46:

$$= \frac{\text{Voorgeskrewe Weeklikse Loon}}{46}$$

= Uurloon.

Stap 3:

Totale oortydure gewerk $\times 1,5 \times$ uurloon:

= Oortydloon.

12.10 Openbare vakansiedae:

Teikens as 'n werkgewer van 'n werknemer vereis of hom toelaat om op 'n openbare vakansiedag te werk, moet die werkgewer, behalwe soos in klousule 14 (2) bepaal, sy werknemer, bo en behalwe sy gewone loon, betaal ten opsigte van elke uur deur so 'n werknemer gewerk, teen 'n koers van nie minder nie as een en 'n halwe keer sy gewone uurloon.

12.11 Nieteenstaande die bepalings van klousule 12.9, wanneer in een week 'n werknemer van die werk afwesig is tydens enige of alle gewone werkure soos in klousule 12.2 hiervan voorgeskryf, moet sulke gewone ure wat nie deur die werknemer gewerk is nie, van die voorgeskrewe basiese loon of enige oortydure wat gewerk is afgetrek word, en die ure wat so afgetrek word, moet teen die werknemer se gewone loon bereken word: Met dien verstande dat—

(a) as die aantal gewone werkure wat die werknemer afwesig is in een week, meer is as die aantal oortydure wat gewerk is, al sulke oortydure teen die werknemer se gewone uurloon betaal moet word;

(b) vir die doel van paragraaf (a) hiervan enige oortyd wat op 'n Saterdag, Sondag en/of openbare vakansiedag gewerk is, as ingesluit beskou word;

(c) wanneer 'n werknemer van die werk afwesig is met die toestemming van sy werkgewer of afwesig is weens siekte, die bepalings van hierdie subklousule nie van toepassing is nie en in so 'n geval moet die oortydure wat gewerk is, teen die voorgeskrewe oortydloon betaal word: Met dien verstande dat 'n werkgewer 'n mediese sertifikaat van 'n werknemer mag vereis as bewys van sy rede vir afwesigheid;

(d) enige werknemer wat hom veronreg voel deur die toepassing van enige van die bepalings van subklousule 12.11 op hom, by die Raad kan appelleer teen die besluit wat die werkgewer op hom toegepas het, en die Raad mag, nadat hy enige redes oorweeg het wat vir so 'n besluit ingelewer is, 'n besluit gee wat na sy mening gegee moes gewees het in sodanige geval.

12.12 Beperking van oortyd:

12.12.1 Geen werkgewer mag 'n werknemer toelaat om meer as 10 uur oortyd in een week te werk nie.

12.12.2 'n Werkgewer mag nie van 'n werknemer vereis of hom toelaat om oortyd te werk nie behalwe as hy—

(a) aan so 'n werknemer voldoende kennis daarvan gegee het;

(b) so 'n werknemer voldoende tyd gegun het om 'n maaltyd te geniet voordat met sodanige oortyd begin word.

13. TYD EN LOONREGISTER

13.1 Ingevolge artikel 57 (1) van die Wet moet elke werkgewer, met betrekking tot alle persone by hom in diens, te alle tye aantekeninge hou van alle—

- (a) lone betaal;
- (b) kommissie betaal;
- (c) tyd gewerk;
- (d) oortyd gewerk; en
- (e) aftrekkings.

Step 2:

Prescribed weekly wage divided by 46:

$$= \frac{\text{Prescribed Weekly Wage}}{46}$$

= hourly rate

Step 3:

Total overtime hours worked $\times 1,5 \times$ hourly rate:

= overtime rate.

12.10 Public holidays:

Whenever an employer requires or permits an employee to work on a public holiday he shall, save as provided in clause 14 (2), in addition to his ordinary wages, pay for each hour worked by such employee, at a rate of not less than one and a half times his ordinary hourly rate.

12.11 Notwithstanding the provisions of clause 12.9, where in any one week an employee absents himself from work during any or all of the ordinary hours of work as prescribed in clause 12.2 hereof, such ordinary hours not worked by the employee shall be deducted from the prescribed basic wage or any overtime worked and the hours so deducted shall be paid for at the employee's ordinary rate: Provided that—

(a) if the number of ordinary hours of work during which the employee is absent in any one week is in excess of the number of overtime hours worked, all such overtime hours shall be paid for at the employee's ordinary hourly rate;

(b) for the purposes of paragraph (a) hereof, any overtime worked on a Saturday, Sunday and/or public holiday shall be deemed to be included;

(c) where an employee is absent from work with the permission of his employer or is absent on account of illness, the provisions of this clause shall not apply and the overtime hours worked in such case shall be paid for at the overtime rate prescribed: Provided that an employer may require an employee to produce a medical certificate in proof of the cause of his absence;

(d) any employee who is aggrieved by the application to him of any of the provisions of clause 12.11 may appeal to the Council against the decision applied to him by the employer, and the Council may, after considering any reasons which may be submitted for such decision, give such decision as in its opinion ought to have been given in such case.

12.12 Limitation of overtime:

12.12.1 No employer shall permit an employee to work overtime in excess of 10 hours in any one week.

12.12.2 An employer shall not require or permit an employee to work overtime unless he has—

(a) given adequate notice thereof to such employee;

(b) given such employee adequate time in which to partake of a meal before the commencement of such overtime.

13. TIME AND WAGE RECORDS

13.1 In terms of the provisions of section 57 (1) of the Act every employer shall at all times keep, in respect of all persons employed by him, records of all—

- (a) wages paid;
- (b) commissions paid;
- (c) time worked;
- (d) overtime worked; and
- (e) deductions.

13.2 Behalwe die besonderhede in klousule 13.1 bedoel, moet elke werkgewer ook sulke aantekeninge skriftelik, in ink of in tikskrif, en in leesbare letters, in stand hou.

13.3 Werknemers moet tydstaat voltooi as dit deur die werkgewer vereis word.

13.4 Die aantekeninge bedoel in klousules 13.1 en 13.2, moet deur die werkgewer vir 'n tydperk van ten minste drie jaar gehou word.

13.5 Bywoningsregister:

13.5.1 Elke werkgewer moet in sy bedryfsinrigting een of meer bywoningsregisters verskaf, in die vorm voorgeskryf in Bylae I van hierdie Ooreenkoms, waarin voorsiening gemaak word vir die inskrywings wat 'n werknemer ingevolge klousule 13.3 moet maak.

13.5.2 'n Werkgewer moet in so 'n bywoningsregister dag vir dag aantekeninge byhou van die naam en beroep van elke werknemer.

13.5.3 Tensy hy deur 'n onvermydelike oorsaak verhinder word, moet elke werknemer ten opsigte van elke dag wat deur hom gewerk is en op daardie dag—

(a) in so 'n bywoningsregister aanteken—

- (i) sy handtekening;
- (ii) die tyd wanneer hy begin werk het;
- (iii) die tyd wanneer elke etens- of ander pouse begin en eindig, wat nie as gewone werktyd gereken word nie; en
- (iv) die tyd wanneer sy werk vir daardie dag eindig:

Met dien verstande dat, as 'n werknemer nie kan lees of skryf nie, sy werkgewer vir hom die nodige inskrywings moet maak en teken ten opsigte van (i) tot en met (iv) hiervan;

(b) die nodige inskrywings ten opsigte van (i) en (ii) hierbo maak voordat met die daaglikse werk begin word.

13.5.4 'n Werkgewer moet so 'n bywoningsregister vir 'n tydperk van nie minder nie as drie jaar vanaf die datum van die laaste inskrywing daarin, hou.

13.5.5 Elke inskrywing in 'n bywoningsregister moet in ink of met 'n balpuntepen gemaak word en nie met 'n potlood nie.

14. JAARLIKSE VERLOF EN OPENBARE VAKANSIEDAE

14.1 Elke werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, is geregtig op verlof met volle betaling, en dit moet aan hom toegestaan word en hy moet dit neem, op alle openbare vakansiedae in klousule 14.15 bedoel.

14.2 Elke werknemer, uitgesonderd los en deeltydse werknemers, moet vir elke diensjaar by dieselfde werkgewer drie weke verlof tot afwesigheid met volle betaling toegestaan word, bereken teen die weeklikse loon wat die werknemer ontvang het voor sy vertrek met sulke verlof. Die drie weke, wat óf agtereenvolgens geneem mag word óf, op skriftelike versoek van die werknemer, in twee afsonderlike tydperke van twee agtereenvolgende weke en een week, of drie afsonderlike tydperke van een week, moet 18 werkdag insluit, en wanneer 'n openbare vakansiedag binne sodanige verloftydperk val, moet so 'n vakansiedag by die genoemde tydperk van verlof tot afwesigheid met volle betaling gevoeg word.

14.2.1 Die werknemer mag, volgens 'n onderlinge ooreenkoms met die werkgewer, verlofbetaling neem voor sy vertrek op verlof, of dit met sy terugkeer by sy normale maandelikse loon laat insluit.

14.2.2 Wanneer die totale jaarlikse verloftydperk ooreenkomstig klousule 14.2 in afsonderlike tydperke geneem word, moet dit volgens 'n onderlinge reëling tussen die werkgewer en die werknemer geneem word binne ses maande nadat dit beskikbaar word.

13.2 Every employer shall maintain the particulars referred to in clause 13.1 in legible characters in writing, in ink, or in typescript. ~~13.2~~ (355)

13.3 Employees shall complete time sheets if so required by the employer.

13.4 The records referred to in clause 13.1 and 13.2 shall be retained by the employer for a period of at least three years.

13.5 Attendance register:

13.5.1 Every employer shall provide in his establishment one or more attendance registers, in the form prescribed in Annexure I to this Agreement, in which provision is made for the entries which an employee is, in terms of clause 13.3, required to make.

13.5.2 An employer shall day by day keep record in such attendance register of the name and occupation of every employee.

13.5.3 Unless precluded from doing so by unavoidable cause, every employee shall, in respect of each day worked by him and on that day—

(a) record in such attendance register—

- (i) his signature;
- (ii) the time he commenced work;
- (iii) the time of commencement and termination of each meal or other interval which cannot be regarded as ordinary hours of work; and
- (iv) the time of finishing work for that day:

Provided that, if an employee is unable to read or write, his employer shall on his behalf make and sign the necessary entries in respect of (i) to (iv) hereof inclusive;

(b) Make the necessary entries in respect of (i) and (ii) above before commencing work for the day.

13.5.4 An employer shall retain such attendance register for a period of not less than three years after the date of the last entry therein.

13.5.5 Every entry in an attendance register shall be made in ink or ball point pen but not in pencil.

14. ANNUAL LEAVE AND PUBLIC HOLIDAYS

14.1 Every employee, except a casual employee, shall be entitled to and granted and shall take leave on full pay on all public holidays referred to in clause 14.15.

14.2 Every employee, except casual and part-time employees, shall be granted in each year of service with the same employer, three weeks' leave of absence on full pay, calculated according to the weekly wage the employee was receiving prior to proceeding on such leave. The three weeks, which may be taken either consecutively or, at the written request of the employee, in two separate periods of two consecutive weeks and one week or three separate periods of one week, shall include 18 working days, and whenever a public holiday falls within the period of leave in terms thereof, such holiday shall be added to the said period of leave of absence on full pay.

14.2.1 The employee may, by mutual agreement with the employer, take leave pay prior to proceeding on leave or have it included in his normal monthly wages on his return.

14.2.2 The total period of annual leave in terms of clause 14.2 when taken in separate periods shall, by mutual arrangement between the employer and the employee, be taken within six months of its falling due.

14.3 Elke werknemer wat in diens is op 'n deeltydse basis soos omskryf in klousule 3 van hierdie Ooreenkoms, mag verlof laat oploop teen een en 'n halwe dag vir elke 199 uur of volledige maand gewerk.

14.4 Jaarlikse verlof ooreenkomstig klousule 14.2 moet geneem word op 'n tyd wat tussen die werkgever en die werknemer gereël is ten minste ses maande voordat sulke verlof beskikbaar word, en moet in ieder geval deur die werkgever toegestaan word en deur die werknemer geneem word sodat dit begin binne twee maande nadat dit beskikbaar word.

14.5 Wanneer 'n werknemer, wat nie 'n deeltydse werknemer is nie, se diens beëindig word voor die voltooiing van 'n jaar diens maar na die voltooiing van een maand diens, is die werknemer geregtig op een-sewentiende van 'n week se loon soos hy ontvang het ten tyde van sy diensbeëindiging, vir elke voltooide week diens in die onvoltooide jaar.

14.6 Wanneer 'n werknemer, wat nie 'n deeltydse werknemer is nie, 'n jaar diens by dieselfde werkgever voltooi het, word daarna van hom vereis om verlof te neem ooreenkomstig klousule 14, en van sy werkgever word vereis om sulke verlof aan hom te gee binne twee maande nadat dit beskikbaar word ingevolge hierdie klousule, en die werkgever moet aan die werknemer 'n bedrag betaal bereken teen die weeklikse of maandelikse loon, met uitsluiting van oortydbetaling en kommissie, wat die werknemer ontvang het onmiddellik voor sy vertrek met verlof, tot die tyd wanneer sy verlof beskikbaar geword het, en so 'n bedrag moet onverwyld deur die werkgever aan die werknemer betaal word, tesame met die balans van enige verlofbetaling wat tot die genoemde werknemer se krediet staan, met betrekking tot klousule 14.3.

14.7 Vir die doel van hierdie klousule is 'n werknemer wat nie 'n deeltydse werknemer is nie se diensjaar, plus enige openbare vakansiedae wat binne daardie tydperk val, waarvoor hy geregtig is om jaarlikse verlof te kry met volle betaling soos in hierdie klousule bepaal, 12 maande diens by dieselfde werkgever, bereken vanaf die datum van sy eerste betrekking by so 'n werkgever, of vanaf die datum waarop hy laas geregtig was op jaarlikse verlof.

14.8 As genoemde werkgever of werknemer die genoemde diens beëindig nadat die werknemer vir verlof kwalifiseer, moet die werkgever aan die werknemer die verlofbetaling wat hom toekom op die werknemer se laaste werkdag, betaal. Enige verlofbetaling wat verskuldig is vir 'n tydperk van minder as een volle diensjaar, moet betaal word teen die tarief van een sewentiende van die weeklikse loon wat die werknemer ontvang het toe sy diens beëindig is. Sodanige verlofbetaling moet eweneens aan die werknemer op sy laaste werkdag betaal word.

14.9 Enige verlofbetaling wat aan die Raad betaal word, moet onmiddellik aan die betrokke werknemer betaal word. Indien dit nie moontlik is om die werknemer te vind nie, moet die verlofbetaling aan die Raad betaal word, en dit kan deur die werknemer geëis word enige tyd tot twee jaar na die datum waarop die werknemer geregtig was om sodanige bedrag te ontvang. Indien dit nie gedurende hierdie tydperk geëis word nie, moet die verlofbetaling by die Raad se fondse inbereken word: Met dien verstande egter dat die Raad enige eis wat deur so 'n werknemer na die genoemde tydperk ingestel word, moet oorweeg en na sy goeddunke 'n *ex gratia*-betaling uit die Raad se algemene fondse aan sodanige werknemer kan maak, wat nie die oorspronklike bedrag wat ten opsigte van so 'n werknemer ontvang is, oorskry nie.

14.10 In die geval van 'n werknemer se dood moet al sy verlofbetaling wat hom te goed staan, in sy boedel betaal word.

14.3 The leave of every employee who is employed on a part-time basis as defined in clause 3 to this Agreement shall accrue at the rate of one and a half days for every 199 hours or completed months worked.

14.4 Annual leave in terms of clause 14.2 shall be taken at a time to be arranged between the employer and the employee at least six months before such leave is due, and shall in any case be granted by the employer and taken by the employee so as to commence within two months of its falling due.

14.5 When the employment of an employee other than a part-time employee is terminated before the completion of a year's service but after the completion of one month's service, the employee shall, for each completed week of employment in the uncompleted year, be entitled to one-seventeenth of a week's wages according to the wage he was receiving at the date on which his employment was terminated.

14.6 When an employee, other than a part-time employee, has completed a year of service with the same employer, he shall thereupon be required to take leave in terms of clause 14 and his employer shall be required to grant him such leave within two months of its falling due in terms hereof, and the employer shall pay to the employee an amount calculated at the weekly or monthly wage, excluding payment for overtime and commissions that the employee was receiving immediately prior to proceeding on leave, up to the time his leave was due, and such amount shall forthwith be paid to the employee by the employer, together with the balance of any leave pay standing to the said employee's credit in respect of clause 14.3.

14.7 For the purposes of this clause the year of service of an employee, other than a part-time employee, plus any public holidays falling within that period, for which he shall be entitled to annual leave on full pay as provided in this clause shall be 12 months' employment with the same employer, calculated from the date of his first engagement with such employer, or from the date on which he last became entitled to annual leave.

14.8 Where the said employer or employee terminates the said employment after the employee has qualified for leave, the employer shall pay the employee the leave pay due on the employee's last working day. Any leave pay due for a period of less than one full year's employment shall be paid at the rate of one seventeenth of the weekly wage the employee was receiving when his employment was terminated. Such leave pay shall, likewise, be paid to the employee on his last working day.

14.9 Any leave pay which is paid to the Council shall immediately be paid to the employee concerned. Should it not be possible to locate the employee, the leave pay shall be paid to the Council and may be claimed by the employee at any time up to two years from the date on which the employee was entitled to receive such amount. Should it not be claimed during this period, the leave pay shall accrue to the funds of the Council: Provided, however, that the Council shall consider any claim which may be made by such employee after the said period and may, in its discretion, make an *ex gratia* payment, not exceeding the amount originally received in respect of such employee, from the general funds of the Council to such employee.

14.10 In the event of an employee's death, all leave pay standing to his credit shall be paid into his estate.

14.11 Alle gelde wat deur die Raad gehou word soos hierin uiteengesit is, moet in die Raad se fondse betaal word en moet ooreenkomstig hierdie Ooreenkoms hanteer word.

14.12 Enige tydperk waartydens 'n werknemer—

14.12.1 met verlof is ooreenkomstig klousule 14.2; of

14.12.2 van die werk afwesig is as gevolg van siekte; of

14.12.3 van die werk afwesig is op las of op versoek van die werkgever; of

14.12.4 militêre diens doen ingevolge die Verdedigingswet, 1957;

wat in die geheel in enige jaar nie meer as 10 weke beloop nie met betrekking tot die tydperke in klousules 14.12.1, 14.12.2 en 14.12.3 bedoel, plus tot vier maande van enige tydperk van militêre diens in klousule 14.12.4 bedoel wat in daardie jaar gedoen is, moet vir die doel van klousules 14.2 en 14.4 as diens beskou word.

14.13 'n Werkgever mag nie vereis of toelaat dat 'n werknemer in die Bedryf werk nie, hetsy vir besoldiging al dan nie, en 'n werknemer mag nie in die Bedryf werk nie, hetsy vir besoldiging al dan nie, gedurende die jaarlikse verloftydperk wat ooreenkomstig klousule 14.2 aan so 'n werknemer toegestaan is.

14.14 Verlof tot afwesigheid met volle betaling mag nie gelyktydig met kennisgewing van diensbeëindiging, siekteverlof of enige tydperk van militêre diens ingevolge die Verdedigingswet, 1957, geskied nie.

14.15 Openbare vakansiedae:

14.15.1 Vir die doel van klousule 12.10 en/of hierdie klousule beteken "openbare feesdae" enige dag bedoel in die Eerste Bylae van die Wet op Openbare Feesdae, 1952 (Wet No. 5 van 1952), of wat as sodanig verklaar is kragtens artikel 2 van daardie Wet.

14.15.2 Met betrekking tot 'n openbare vakansiedag moet elke werknemer teen sy gewone loonskaal en toelae vir die aantal ure wat hy op 'n normale werkdag (uitsluitende oortyd) sou gewerk het, betaal word.

14.15.3 Die voorgeskrewe betaling volgens klousules 12.10 en 12.11 hiervan moet beskou word as volle betaling ten opsigte van sodanige openbare vakansiedag, en behoudens die bepalings van klousule 12.9.1 van die Ooreenkoms is geen werknemer geregtig op verdere vergoeding ten opsigte van sodanige openbare vakansiedag nie.

14.15.4 Nieteenstaande die bepalings van klousules 12.10 en 12.11 hiervan is 'n werknemer wat deur sy werkgever gelas word om te werk op die werkdag onmiddellik voor en/of na 'n openbare vakansiedag en wat op sodanige werkdag/dae afwesig is, nie geregtig op betaling vir sodanige openbare vakansiedag nie: Met dien verstande dat 'n werknemer geregtig is op betaling vir sodanige openbare vakansiedag wanneer die werkgever toestemming gegee het vir sodanige afwesigheid, of sodanige afwesigheid gekondoneer het, of as die werknemer ongesteld was en 'n doktersertifikaat ter bevestiging daarvan kan toon indien die werkgever dit versoek, of wanneer die openbare vakansiedag gedurende die werknemer se jaarlikse verloftydperk val.

15. RENTE

15.1 Indien enige bedrag wat aan die Raad verskuldig of betaalbaar is ingevolge klousules 5.1.5, 5.18, 5.22, 17.1.1, 17.1.2, 17.1.3, 18, 30, 31 en 32 nie deur die Raad ontvang is nie op die sewende dag van die maand wat volg op die maand ten opsigte waarvan dit betaalbaar is, of indien enige bedrag wat aan die Raad betaalbaar is nie ontvang is nie binne sewe dae na die betaaldag soos in die betrokke klousule uiteengesit, moet die werkgever rente betaal op so 'n

14.11 All monies held by the Council in terms hereof shall be paid into the funds of the Council and shall be dealt with in accordance herewith.

14.12 Any period during which an employee—

14.12.1 is on leave in terms of clause 14.2; or

14.12.2 is absent from work owing to illness; or

14.12.3 is absent from work on the instructions or at the request of the employer; or

14.12.4 is doing military service in pursuance of the Defence Act, 1957;

amounting in the aggregate in any year to not more than 10 weeks in respect of the periods referred to in clause 14.12.1, 14.12.2 and 14.12.3, plus up to four months of any period of military service referred to in clause 14.12.4 done in that year, shall, for the purposes of clause 14.2 and 14.4, be deemed to be employment.

14.13 An employer shall not require or permit an employee to work in the Trade, whether for remuneration or not, and an employee shall not work in the Trade, whether for remuneration or not, during the annual leave period granted to such employee in terms of clause 14.2.

14.14 Leave of absence on full pay shall not run concurrently with notice of termination, sick leave or any period of military service, in terms of the Defence Act, 1957.

14.15 Public holidays:

14.15.1 For the purposes of clause 12.10 and/or of this clause, "public holiday" means any day referred to in the First Schedule to the Public Holidays Act, 1952 (Act No. 5 of 1952), or declared as such in terms of section 2 of that Act.

14.15.2 Every employee shall, in respect of a public holiday, be paid at his ordinary rate of wages and allowances for the number of hours he would have worked on a normal working day (excluding overtime).

14.15.3 The payment prescribed in clauses 12.10 and 12.11 hereof shall be deemed to be full payment in respect of such public holiday and, subject to the provisions of clause 12.9.1 of the Agreement, no employee shall be entitled to further compensation in respect of such public holiday.

14.15.4 Notwithstanding the provisions of clauses 12.10 and 12.11 hereof, an employee who is required by his employer to work on the working day immediately prior to and/or succeeding a public holiday and who absents himself on such working day(s) shall not be entitled to payment for such public holiday: Provided that an employee shall be entitled to payment for such public holiday where the employer has given permission for such absence, or has condoned such absence, or where the employee was sick and can produce a medical certificate to prove it if so required by the employer or where the public holiday falls during the period of the annual leave of the employee.

15. INTEREST

15.1 Should any amount due or payable to the Council in terms of clauses 5.1.5, 5.18, 5.22, 17.1.1, 17.1.2, 17.1.3, 18, 30, 31 and 32 not be received by the Council by the seventh day of the month following the month in respect of which it is payable, or should any amount payable to the Council not be

bedrag of die kleiner bedrag wat nog onbetaald is, bereken teen die koers van 2,5 persent per maand of gedeelte daarvan, vanaf sodanige finale datum voorgeskryf in hierdie klousule tot die dag waarop kontantbetaling deur die Raad werklik ontvang is: Met dien verstande dat die Raad geregtig is om, na sy absolute goeddunke, van die betaling van sodanige rente af te sien.

16. KENNISGEWING VAN DIENSBEËINDIGING

16.1 'n Werkgewer of sy werknemer, wat nie 'n los werknemer is nie, wat sy dienskontrak wil beëindig, moet—

16.1.1 in die geval van 'n deeltydse werknemer, nie minder as een werkdag kennis gee nie; en

16.1.2 in die geval van minderjariges wat in die Haarkappersbedryf werksaam is, gedurende die tydperk wanneer hulle ooreenkomstig die Wet op Mannekragopleiding, 1981, aldus in diens is, sonder 'n leerkontrak, nie minder as een werkdag kennis gee nie; en

16.1.3 in die geval van enige ander werknemer gedurende die eerste vier weke van diens, nie minder as een werkdag kennis gee nie, en daarna nie minder as een week kennis gee nie, behalwe gedurende die maand Desember, wanneer twee weke kennis gegee moet word;

of 'n werkgewer of werknemer mag te eniger tyd die kontrak sonder kennisgewing beëindig deur, in plaas van kennis te gee, die werknemer te betaal of aan die werkgewer te betaal wof dit te verbeur, na gelang van die geval, nie minder nie as—

(a) in die geval van een werkdag kennis, die dagloon, uitsluitende oortydbetaling, wat die werknemer ontvang ten tyde van sodanige beëindiging;

(b) in die geval van 'n week kennis, die weekloon, uitsluitende oortydbetaling, wat die werknemer ontvang ten tyde van sodanige beëindiging;

(c) in die geval van twee weke kennis, twee keer die weekloon, uitsluitende oortydbetaling, wat die werknemer ontvang ten tyde van sodanige beëindiging.

16.2 Geen werkgewer mag 'n werknemer se diens beëindig nie gedurende so 'n werknemer se afwesigheid van die werk as gevolg van ongesteldheid waarvoor hy nie self verantwoordelik is nie: Met dien verstande dat—

(a) die werkgewer kennis gegee word binne drie werkdag van die aanvang van sodanige ongesteldheid;

(b) 'n doktersertifikaat vir die tydperk van afwesigheid getoon word met die werknemer se terugkeer na die werk; en

(c) so 'n tydperk van afwesigheid van die werk nie 30 dae oorskry nie:

Met dien verstande voorts dat dit nie die volgende beïnvloed nie:

(a) Die reg van 'n werkgewer of 'n werknemer om die kontrak sonder kennisgewing te beëindig om enige rede wat as regsgeldig erken word;

(b) enige skriftelike ooreenkoms tussen 'n werkgewer en sy werknemer wat 'n kennisgewingtydperk bepaal van gelyke duur vir albei partye en vir langer as dié wat in hierdie klousule voorgeskryf is;

(c) die werking van enige verbeurings of boetes wat regtens van toepassing is ten opsigte van 'n werknemer wat dros;

(d) betaling of verbeuring in plaas van kennisgewing, wat nie toegelaat word nie gedurende 'n werknemer se afwesigheid—

(i) met verlof ooreenkomstig klousule 14;

(ii) gedurende enige tydperk as gevolg van ongesteldheid; of

received within seven days of the due date stated in the relevant clause, the employer shall pay interest on such amount or the lesser amount that remains unpaid, calculated at the rate of 2,5 per cent per month or part thereof, from such final date prescribed in this clause until the date upon which payment in cash is actually received by the Council: Provided that the Council shall be entitled in its absolute discretion to waive the payment of such interest.

16. NOTICE OF TERMINATION OF SERVICE

16.1 An employer or his employee, other than a casual employee, who desires to terminate his contract of employment, shall—

16.1.1 in the case of a part-time employee, give not less than one working day's notice; and

16.1.2 in the case of minors employed in the Hair-dressing Trade, during the period that they may be so employed in terms of the Manpower Training Act, 1981, without a contract of apprenticeship, give not less than one working day's notice; and

16.1.3 in the case of any other employee during the first four weeks of employment, give not less than one working day's notice, and thereafter not less than one week's notice except during the month of December, when two weeks' notice shall be given;

or an employer or employee may at any time terminate the contract without notice by paying the employee or paying or forfeiting payment to the employer, as the case may be, in lieu of notice, which payment or forfeiture shall be—

(a) in the case of one working day's notice, not less than the daily wage, excluding payment of overtime, which the employee is receiving at the time of such termination;

(b) in the case of a week's notice, not less than the weekly wage, excluding payment of overtime, which the employee is receiving at the time of such termination;

(c) in the case of two week's notice, not less than twice the weekly wage, excluding payment of overtime, that the employee is receiving at the time of such termination.

16.2 No employer shall terminate the services of an employee during such employee's absence from work owing to indisposition for which he is not himself responsible: Provided that—

(a) the employer is notified within three working days of the commencement of such illness;

(b) a medical certificate for the period of absence is produced on the employee's return to work; and

(c) such period of absence from work does not exceed 30 days:

Provided further that this shall not affect—

(a) the right of an employer or an employee to terminate the contract without notice for any cause recognised by law as sufficient;

(b) any written agreement between an employer and his employee which provides for a period of notice of equal duration on both sides and for longer than that prescribed in this clause;

(c) the operation of any forfeitures or penalties which by law may be applicable in respect of an employee who deserts;

(d) payment or forfeiture in lieu of notice not being permitted during an employee's absence—

(i) on leave in terms of clause 14;

(ii) during any period due to illness; or

(iii) vir militêre diens ingevolge die Verdedigingswet, 1957.

16.3 . Waar daar 'n ooreenkoms ingevolge klousule 16.1 of 16.2 is, moet die betaling of verbeuring in plaas van kennisgewing ooreenstem met die kennisgewingtydperk waarop ooreengekom is.

16.4 Die kennis voorgeskryf in klousule 16.1 kan op enige werkdag gegee word maar die kennistydperk mag nie gelyktydig met of gedurende 'n werknemer se afwesigheid met verlof loop nie, en ook nie terwyl hy militêre diens verrig ingevolge die Verdedigingswet, 1957, of gedurende enige tydperk van afwesigheid as gevolg van ongesteldheid.

16.5 'n Werkgewer of sy werknemer, behalwe 'n ongeleerde werknemer, moet die kennis in hierdie klousule bedoel, skriftelik gee.

17. UITGAWES VAN DIE RAAD

17.1 Vir die doel om die Raad se uitgawes te dek, word fondse op die volgende wyse verkry:

17.1.1 Elke werknemer en elke werkgewer moet tot die Raad se fondse bydra soos in die volgende tabel uiteengesit:

A Kategorie	B Werknemers se bydrae per maand
Haarkapper:	
KODES:	
QET, CC, COH, COTT, MC OF CE.....	R6,00
Vakleerling en/of leerling	R3,00
Ontvangsdame en/of klerklike assistent .	R6,00
Sjampoeis.....	R6,00
Manikuris/Skoonheidskundige.....	R6,00
Algemene assistent	R4,00

17.1.2 Die bedrag wat in kolom B van die tabel aangedui is, moet deur werkgewers van hulle werknemers se lone afgetrek word.

17.1.3 By die bedrae wat op dié manier van sy werknemers se lone afgetrek word, moet elke werkgewer 'n gelyke bedrag ooreenkomstig klousule 17.1.1 voeg en die totale bedrag aan die Sekretaris van die Nywerheidsraad vir die Haarkappersbedryf (Natal), Posbus 2182, Durban, 4000, stuur.

17.2 In enige geval waar bydraes ingevolge klousules 17.1.1, 17.1.2 en 17.1.3 minder as R20 in totaal is, moet die volle bedrag in klousule 17.1.1 bedoel, deur die werkgewer aangevul word met 'n bedrag om 'n totaal van R20 per maand te maak.

17.3 Indien enige bedrag wat ooreenkomstig hierdie klousule betaalbaar is, nie deur die Raad ontvang is nie op die 7de dag van die maand wat volg op die maand ten opsigte waarvan dit betaalbaar is, moet die werkgewer rente betaal op sodanige bedrag of op sodanige kleiner bedrag wat nog onbetaald is, bereken teen die koers van 10 persent per maand of gedeelte daarvan vanaf sodanige 7de dag tot die dag waarop die Raad kontantbetaling werklik ontvang het: Met dien verstande dat die Raad geregtig sal wees om, na sy absolute goeddunke af te sien van die betaling van sulke rente of gedeelte daarvan.

18. WERKGEWERSORGANISASIE- EN VAKVERENIGINGLEDEGELDE

18.1 Elke werkgewer wat 'n lid van die SAH en die CA is, moet die bedrag van die ledegeld wat aan die vakvereniging verskuldig is met betrekking tot elke maand diens of gedeelte daarvan, insluitende die tydperk wat 'n werknemer met verlof is, aftrek en dit elke maand betaal aan die Sekretaris van die Raad, Posbus 2182, Durban, 4000, nie later nie as die 7de dag van elke maand, op die vorm voorgeskryf in Bylae A van hierdie Ooreenkoms.

(iii) whilst rendering military service in terms of the Defence Act, 1957.

16.3 Where there is an agreement in terms of clause 16.1 or 16.2, the payment or forfeiture in lieu of notice shall correspond to the period of notice agreed upon.

16.4 The notice prescribed in clause 16.1 may be given on any working day but the period of notice shall not run concurrently with or the notice shall not be given during an employee's absence on leave, or whilst he is rendering military service in terms of the Defence Act, 1957, or during any period of absence owing to illness.

16.5 An employer or his employee, except an illiterate employee, shall give the notice referred to in this clause in writing.

17. EXPENSES OF THE COUNCIL

17.1 For the purpose of meeting the expenses of the Council, funds shall be obtained in the following manner:

17.1.1 Every employee and every employer shall contribute to the funds of the Council as set out in the following table:

A Category	B Employees contribution per month
Hairdressers:	
KODES:	
QET, CC, COH, COTT, MC OR CE	R6,00
Apprentice and/or trainee	R3,00
Receptionist and/or clerical assistant.....	R6,00
Shampooist	R6,00
Manicurist/Beauty	R6,00
General assistant.....	R4,00

17.1.2 The amount shown in column B of the table shall be deducted by employers from the wages of their employees.

17.1.3 To the amounts thus deducted from the wages of their employees, every employer shall add an equal amount in terms of clause 17.1.1 and shall forward the entire sum to the Secretary of the Industrial Council for the Hairdressing Trade, Natal, P.O. Box 2182, Durban, 4000.

17.2 In any instance where in terms of clause 17.1.1, 17.1.2, and 17.1.3 contributions are less than R20 in the aggregate, the total amount referred to in clause 17.1.1 shall be supplemented by the employer with such sum as will make up a total of R20 in each month.

17.3 Should any amount due in terms of this clause not be received by the Council by the 7th day of the month following the month in respect of which it is payable, the employer shall pay interest on such amount or on such lesser amount as remains unpaid, calculated at the rate of 10 per cent per month or part thereof from such 7th day until the day upon which payment in cash is actually received by the Council: Provided that the Council shall be entitled in its absolute discretion to waive the payment of such interest or part thereof.

18. EMPLOYERS' ORGANISATION AND TRADE UNION SUBSCRIPTIONS

18.1 Every employer who is a member of the SAH and the CA shall deduct the amount of the subscriptions payable to the trade union in respect of each month of employment or part thereof, including the period that an employee is on leave, and shall remit the same, month by month, to the Secretary of the Council, P.O. Box 2182, Durban, 4000, not later than the 7th day of each month on the form prescribed in Annexure A to this Agreement.

18.2 Elke werkgever wat 'n lid van die SAH en die CA is, moet sy maandelikse ledegeld, saam met enige heffings wat aan die Vereniging betaalbaar mag word, aan die Sekretaris van die Raad, Posbus 2182, Durban, 4000, stuur, nie later as die 7de dag van die maand nie. Die Sekretaris van die Raad moet alle bedrae, wat ooreenkomstig klousule 18.1 en hierdie klousule betaal is, aan die betrokke partye betaal binne 30 dae vanaf die maand waarin die bedrae deur die Raad ontvang was.

18.3 Die Raad onderneem om alle redelike dienste te lewer om aan hierdie klousule uitvoering te gee, waarvoor 'n bedrag van 5,0 persent van alle ledegelde en heffings ooreenkomstig klousules 18.1 en 18.2 aan die Raad betaal moet word.

18.4 Indien enige bedrag wat ooreenkomstig hierdie klousule betaalbaar is, nie deur die Raad ontvang is nie teen die 7de dag van die maand wat volg op die maand ten opsigte waarvan dit betaalbaar is, moet die werkgever rente betaal op sodanige bedrag of op sodanige kleiner bedrag as wat nog onbetaald is, bereken teen die koers van 10 persent per maand of gedeelte daarvan, vanaf sodanige 7de dag tot die dag waarop die Raad werklik kontantbetaling ontvang het. Met dien verstande dat die Raad geregtig is om, na sy absolute goeddunke, af te sien van die betaling van sodanige rente of gedeelte daarvan.

18.5 **Verbod op buitewerk:**

18.5.1 'n Werknemer mag nie, terwyl hy in diens is by 'n werkgever wat betrokke is in die Haarkappersbedryf—

(a) enige daad as 'n haarkapper uitvoer nie behalwe in die loop en binne die bestek van sy diens as sodanig; of

(b) vir sy eie rekening of in vennootskap of namens enige ander persoon vir wins enige toiletbenodigdhede van die hand sit nie behalwe in die loop en binne die bestek van sy diens as haarkapper by sy werkgever in die bedryfsinrigting waarin hy werksaam is.

19. **ADMINISTRASIE EN VERTOLKING VAN DIE OOREENKOMS**

19.1 Die Raad is die instansie wat verantwoordelik is vir die administrasie van hierdie Ooreenkoms, en hy kan beslissings uitvaardig wat nie strydig is nie met die bepalings van hierdie Ooreenkoms of enige wetlike vertolking daarvan ter voorligting van werkgevers en werknemers.

19.2 Die Raad kan van tyd tot tyd enige vorms voorskryf wat deur werkgevers en/of werknemers ingevul moet word ten einde nakoming van enige bepalings van hierdie Ooreenkoms te vergemaklik.

19.3 'n Werkgever en 'n werknemer is geregtig om by die Raad te appelleer teen 'n besluit van enige komitee wat deur die Raad aangestel is.

19.4 Enige appèl ingevolge klousule 19.3 moet skriftelik aangeteken word en by die Sekretaris van die Raad ingedien word binne 21 dae vanaf die datum waarop die besluit waarteen geappelleer word vir die betrokke werkgever of werknemer bekend geword het, of binne 'n verdere tydperk wat die Raad kan toelaat. Met dien verstande dat 'n werkgever of werknemer wat hom nie maklik in skrif kan uitdruk nie, sy appèl op skrif kan laat aanteken deur die Sekretaris of iemand wat vir dié doel deur hom aangewys is.

19.5 Behoudens die bepalings van die Wet is die besluit van die Raad met betrekking tot enige aangeleentheid finaal en bindend vir 'n werkgever en 'n werknemer, en die Raad is nie verplig om enige rede vir enige besluit te gee nie.

19.6 Enige geskil wat in die Bedryf ontstaan, moet na die Raad verwys word om ooreenkomstig sy konstitusie behandel te word.

19.7 Die Raad is geregtig, na sy uitsluitlike en absolute goeddunke, om enige bedrag—

19.7.1 wat van 'n werkgever of 'n werknemer ontvang is; of

18.2 Every employer who is a member of the SAH and the CA shall forward to the Secretary of the Council, P.O. Box 2182, Durban, 4000, not later than the 7th day of the month, his monthly subscriptions, together with any levies which may become payable to the Association. The Secretary of the Council shall pay all amounts submitted in terms of clause 18.1 and this clause to the parties concerned within 30 days of the month in which the amounts were received by the Council.

18.3 The Council undertakes to render all reasonable services to give effect to this clause, for which an amount of 5,0 per cent of all subscriptions and levies in terms of clause 18.1 and 18.2 shall be paid to the Council.

18.4 Should any amount due in terms of this clause not be received by the Council by the 7th day of the month following the month in respect of which it is payable, the employer shall pay interest on such amount or on such lesser amount as remains unpaid, calculated at the rate of 10 per cent per month or part thereof from such 7th day until the day upon which payment in cash is actually received by the Council: Provided that the Council shall be entitled in its absolute discretion to waive the payment of such interest or part thereof.

18.5 **Prohibition on outwork:**

18.5.1 An employee shall not whilst such employee is in the employ of an employer engaged in the Hairdressing Trade—

(a) perform any act as a hairdresser other than in the course and within the scope of his employment as such; or

(b) on his own account or in partnership or on behalf of any other person for the acquisition of gain dispose of any toilet requisites other than in the course and within the scope of his employment as a hairdresser with his employer in the establishment in which he is employed.

19. **ADMINISTRATION AND INTERPRETATION OF THE AGREEMENT**

19.1 The Council shall be the body responsible for the administration of this Agreement and may issue rulings not inconsistent with the provisions of this Agreement or any legal interpretation thereof for the guidance of employers and employees.

19.2 The Council may from time to time prescribe any forms which may be required to be completed by employers and/or employees in order to facilitate compliance with any provision of this Agreement.

19.3 An employer and an employee shall have the right to appeal to the Council against a decision of any committee appointed by the Council.

19.4 Any appeal pursuant to clause 19.3 shall be in writing and shall be lodged with the Secretary of the Council within 21 days of the date on which the decision against which the appeal is noted become known to the employer or employee concerned, or within such further period as the Council may allow: Provided that an employer or employee who is unable to express himself easily in writing by the Secretary or someone designated by him for the purpose.

19.5 Subject to the provisions of the Act, the decisions of the Council on any matter shall be final and binding on an employer and an employee, and the Council shall not be obliged to give any reason for its decision.

19.6 Any dispute which may arise in the Trade shall be referred to the Council to be dealt with in terms of its constitution.

19.7 The Council shall be entitled in its sole and absolute discretion to appropriate any amount—

19.7.1 received from an employer or an employee; or

19.7.2 wat 'n werkgewer of werknemer geregtig is om van die Raad te ontvang;

toe te wys vir die betaling van enige skuld of bedrag verskuldig aan die Raad deur sodanige werkgewer of werknemer, ondanks die feit dat genoemde werkgewer of werknemer dit by die betaling daarvan vir enige ander doel toegewys het.

20. VRYSTELLINGS

20.1 Die Raad kan om enige goeie en afdoende rede vrystelling van enige van die bepalings van hierdie Ooreenkoms verleen met betrekking tot enige persoon.

24.13.4 Alle waarborge, verbande, eiendomsbewyse en ander dokumente, as daar is, moet in die Fonds se naam geregistreer word en mag nie oorgedra, vervreem of andersins oor beskik word nie, behalwe met die Bestuursraad se goedkeuring. Die Bestuursraad moet vier lede van die Bestuursraad benoem as ondertekenaars vir bogemelde doel, van wie die handtekeninge van enige twee voldoende is vir die doel om die besluite van die Bestuursraad ten uitvoer te bring. Sodanige ondertekenaars beklee hulle amp vir 'n onbepaalde tyd of vir 'n tydperk wat die Bestuursraad bepaal wanneer hy hulle aanstel.

24.13.5 Die Bestuursraad moet volledige en ware rekeninge van die Fonds laat bewaar, welke rekeninge deur 'n openbare rekenmeester gebalanseer en geouditeer moet word soos op 31 Desember van elke jaar.

24.11.3 The Board of Management shall appoint a secretary, who shall be known as the Secretary of the fund, and such other staff as may be necessary for the proper administration of the Fund, or it may delegate to any person, company or close corporation the administration of the Fund upon such terms and conditions as the Board may deem appropriate: Provided that any administration costs paid to any such persons, company or close corporation shall not exceed in the aggregate 12 per cent of the contributions and income received by the Fund in any annual cycle of benefits, and otherwise upon terms which shall be consistent with this Agreement.

24.11.4 The Board of Management may refuse and/or withhold any or all benefits from any member and/or his dependants who, in its opinion, have acted in a manner calculated or reasonably likely to injure the interests of the Fund or its members: Provided that such member shall be given the opportunity of submitting an appeal against the decision of the Board of Management to the Council, whose decision shall be final.

24.11.5 Any disputes concerning the interpretation, meaning or intention of any of the provisions of this Agreement or concerning the administration of the Fund, which the Board of Management is unable to settle, shall be referred to the Council for decision.

24.11.6 If at any time the amount standing to the credit of the Fund drops below R2 000, benefit payments shall cease and shall not be resumed until the amount to the credit of the Fund exceeds R4 000: Provided that upon payments being resumed, claims made during such period of suspension shall be met in the order in which they were received.

24.11.7 All expenses incurred in connection with the administration of the fund shall be a charge against the Fund.

24.11.8 The Board of Management shall be empowered to appoint committees or subcommittees and to delegate to such committees or subcommittees such powers as are not inconsistent with this Agreement or with the rules of the Fund.

24.12 Indemnity:

24.12.1 The members of the Board of Management and the officers and employees of the Fund, including any person, company or close corporation contemplated by clause 24.11.3 shall not be liable for the debts and liabilities of the Fund and are hereby indemnified by the Fund against all losses and expenses incurred by them in or in connection with the *bona fide* discharge of their duties.

24.13 Financial control:

24.13.1 All monies received on the account of the fund shall be paid into a bank or banks and all cheques drawn against the Fund shall be signed by at least two persons appointed by the Board.

24.13.2 The Board may invest all monies not immediately required to meet the current charges upon the fund as it may from time to time determine, subject to the provisions of section 21 (3) of the Act.

24.13.3 The Board may make loans and/or obtain an overdraft from a bank or borrow from other parties on such terms as may be agreed upon for such sum as may be approved by the Board of Management from time to time for the purpose of acquiring the money necessary for any purpose of the Fund.

24.13.4 All securities, mortgage bonds, title deeds and other documents, if any, shall be registered in the name of the Fund and shall not be transferred, alienated or otherwise disposed of except with the approval of the Board. The Board of Management shall nominate four members of the Board as signatories for the above purpose, the signatures of any two of whom shall be sufficient for the purpose of giving effect to the resolutions of the Board of management. Such signatories shall hold office indefinitely or for such period as the Board when appointing them may decide.

24.13.5 The Board shall cause full and true accounts of the Fund to be kept, such accounts to be balanced and audited by a public accountant as at 31 December of each year.

24.13.6 Die Bestuursraad moet 'n jaarverslag oor die handeling van die Fonds opstel, saam met 'n afskrif van die ouditeursverslag en die balansstaat van die Fonds en 'n staat van die ontvangste en uitgawes vir die finansiële jaar eindigende elke 31 Desember, wat jaarliks, sodra dit beskikbaar is, aan die Direkteur-generaal van Mannekrag en die partye by hierdie Ooreenkoms gepos moet word, en ter inligting van die werkgewers en lede gepubliseer word op 'n wyse wat die Bestuursraad van tyd tot tyd bepaal.

24.13.7 Die Bestuursraad moet aantekeninge van die Fonds hou wat te eniger tyd 'n aktuariële waardering moontlik sal maak; sodanige aantekeninge moet ook die ander besonderhede en inligting weergee die Bestuursraad wenslik ag. Die resultaat van enige aktuariële waardering moet in 'n verslag vervat word wat by die Bestuursraad ingedien moet word. Die partye by die Ooreenkoms moet 'n afskrif van sodanige verslag ontvang.

24.13.8 Die Bestuursraad moet ook, ter inligting van werkgewers en lede, besonderhede van enige verslag ingevolge klousule 24.13.7, of 'n opsomming daarvan, publiseer in 'n vorm en op 'n wyse wat die Bestuursraad bepaal.

24.13.9 Die koste in verband met of bykomstig by die instelling van die Fonds of die bestuur of administrasie van die Fonds en vir die beleggings daarvan, insluitende die koste van ouditering en aktuariële ondersoeke, moet deur die Fonds gedra word.

24.13.10 Alle kontrakte wat deur die Fonds aangegaan word en die Fonds bind, moet deur die Bestuursraad aangegaan word en alle dokumente met betrekking daartoe moet deur minstens twee lede van die Bestuursraad, wat deur die Bestuursraad behoorlik daartoe gemagtig is, geteken word.

24.13.11 Enige winste of verliese as gevolg van die realisering van beleggings van die Fonds moet in die krediet of debiet van die Fonds staan, na gelang van die geval.

24.14 *Verstryking van die Ooreenkoms:*


24.14.1 Enige ooreenkoms wat deur die Minister as bindend verklaar word kragtens artikel 48 van die Wet, wat hierdie Ooreenkoms vervang of opvolg, kan voorsiening maak vir die voortsetting en administrasie van die Fonds.

24.14.2 Indien hierdie Ooreenkoms sou verstryk deur verloop van tyd of om enige ander rede, moet die Fonds voortgaan om deur die Bestuursraad wat dan bestaan, geadministreer te word, totdat dit óf kragtens klousule 15 behandel word óf deur die Raad oorgedra word aan enige ander fonds wat vir dieselfde doel saamgestel is as waarvoor hierdie Fonds geskep is.

24.14.3 Indien die Raad ontbind word of ophou funksioneer ooreenkomstig artikel 34 (2) van die Wet tydens enige tydperk waarin hierdie Ooreenkoms bindend is moet die Bestuursraad voortgaan om die Fonds te administreer, en die lede van sodanige Bestuursraad moet op die datum waarop die Raad ophou om te funksioneer te ontbind word, vir dié doel as lede daarvan beskou word: Met dien verstande egter dat enige vakature wat in so 'n Bestuursraad ontstaan, deur die Nywerheidsregistrator met werkgewers of werknemers van die Haarkappersbedryf aangevul mag word om gelykheid van werkgewer- en werknemerverteenwoordigers en plaasvervangers in die lidmaatskap van die Bestuursraad te verseker.

24.15 *Likwidasie:*

24.15.1 Met die verval van die Ooreenkoms deur verloop van tyd of om enige ander rede, en behalwe as dit binne twee jaar hernu of vervang word deur 'n ander ooreenkoms wat die Fonds voortsit, of wanneer die Fonds nie deur die Raad oorgedra is nie aan enige ander fonds wat vir dieselfde doel tot

24.13.6 The Board shall compile an annual report on the working of the Fund, together with a copy of the auditor's report and the balance sheet of the fund and a statement of the revenue and expenditure for the financial year ending each 31 December, which shall be posted annually as soon as available to the Director-General of Manpower and the parties to this Agreement and published for the information of the employers and members by such means as the Board may from time to time determine. 

24.13.7 The Board shall keep such records of the Fund as shall enable an actuarial valuation to be made at any time; such records shall also give such other particulars and information as the Board may consider desirable. The result of any actuarial valuation shall be embodied in a report which shall be submitted to the Board. The parties to the Agreement shall be provided with a copy of such report.

24.13.8 The Board shall also publish for the information of employers and members particulars of any report pursuant to clause 24.13.7 or a summary thereof in such form and by such means as the Board may determine.

24.13.9 The expenses in connection with or incidental to the inauguration of the Fund or the management or administration of the Fund and the investments thereof, including the cost of auditing and actuarial investigations, shall be borne by the Fund.

24.13.10 All contracts entered into by the Fund and binding on the Fund shall be entered into by the Board and all documents in respect thereof shall be signed by not less than two members of the Board duly authorised thereto by the Board.

24.13.11 Any profits or losses entailed in the realisation of the investments of the Fund shall be to the credit or debit of the Fund, as the case may be.

24.14 *Expiry of the Agreement:*

24.14.1 Any agreement declared by the Minister to be binding in terms of section 48 of the Act, replacing or succeeding this Agreement, may make provision for the continuity and administration of the Fund.

24.14.2 Should this Agreement expire by the effluxion of time or for any other reason the Fund shall continue to be administered by the Board of Management last in office until it be either dealt with in terms of clause 15 or transferred by the Council to any other fund constituted for the same purpose as that for which this Fund was created.

24.14.3 In the event of the dissolution of the Council or in the event of its ceasing to function in terms of section 34 (2) of the Act during any period within which this Agreement is binding, the Board of Management shall continue to administer the Fund and the members of such Board at the date on which the Council ceases to function or is dissolved shall be deemed to be members thereof for such purpose: Provided, however, that any vacancies occurring on such Board may be filled by the Industrial Registrar from employers or employees in the Hairdressing Trade to ensure an equality of employer and employee representatives and alternates in the membership of the Board.

24.15 *Liquidation:*

24.15.1 Upon expiry of the Agreement by effluxion of time or for any other reasons and unless within two years it is renewed or replaced by another agreement perpetuating the Fund or if the Fund is not transferred by the Council to any other fund constituted for the same purpose in accordance

stand gebring is ooreenkomstig die bepalings van klousule 14 binne die gemelde tydperk van twee jaar, moet die Fonds gelikwedeer word. Met likwidasië van die Fonds moet die geld wat nog in die krediet van die Fonds oorbly na die uitbetaling van alle eise teen die Fonds, insluitende administrasie- en likwidasiëkoste, gelykop verdeel word tussen die werkgersorganisasie en die vakvereniging. Die Fonds moet gelikwedeer word deur die Bestuursraad, wat kragtens hierdie klousule werk, of deur die trustee(s) wat kragtens die gemelde klousule aangestel is, na gelang van die geval.

24.16 *Bystand onvervreembaar:*

24.16.1 Die bystand wat deur die Fonds verskaf word, is nie oordraagbaar nie en enige lid wat probeer om sy regte toe te wys, oor te dra, af te staan, te verpand of met 'n verband te beswaar, hou onverwyld op om geregtig te wees op enige bystand hoegenaamd en lidmaatskap van die Fonds met betrekking tot homself en sy afhanklikes moet beëindig word.

24.16.2 Geen persoon, hetsy 'n lid al dan nie, het enige eis teen of reg op belange in of ten opsigte van die Fonds of enige bydrae daartoe of enige belange daarin of enige eis teen die Bestuursraad of die Fonds nie, behalwe ingevolge ooreenkomstig die bepalings van die reëls van die Fonds.

24.16.3 By 'n besluit oor 'n feitevraag kan die Bestuursraad, tensy die reëls anders bepaal, handel volgens getuienis wat hy voldoende ag, hetsy dit op wettige bewys neerkom of nie.

24.16.4 Enige beslissing van die Bestuursraad oor die feitevraag en enige optrede deur die Bestuursraad ingevolge enige beslissing wat deur die reëls aan hom toevertrou is, is finaal en is nie onderhewig aan appél hersiening nie.

24.17 *Eise:*

24.17.1 Eise vir siekegeldbystand en/of spesiale siekegeldbystand van die Fonds moet by die Fonds ingedien word op die vorm wat die Bestuurskomitee van tyd tot tyd voorskryf en moet vergesel gaan van 'n uitvoerige mediese sertifikaat in die voorgeskrewe vorm. Die koste van die mediese sertifikaat moet deur die betrokke lid gedra word: Met dien verstande egter dat die Bestuurskomitee 'n onafhanklike mediese ondersoek mag vereis, waarvan die koste deur Skema A of Skema B van die Fonds gedra moet word, na gelang van die geval.

24.17.2 Geen eise mag deur die Fonds erken word as dit nie binne 3 (drie) maande na die datum waarop sulke koste aangegaan is, ingedien word nie, en ook nie as die lid versuim het om volgens behoorlike mediese advies te handel nie.

24.17.3 Dit sal voldoende betaling van enige eis wees wanneer 'n tjek met vooruitbetaalde pos versend word na die adres wat op die voorgeskrewe eisvorm van die Bestuurskomitee gegee is, en indien enige tjek wat so verstuur is nie binne ses maande vanaf die datum van uitgifte betaal is nie, sal die eis verbeur word tot voordeel van die Fonds: Met dien verstande dat die Bestuurskomitee die gesag sal hê om, na sy goeddunke, 'n *ex gratia*-uitbetaling te maak met betrekking tot enige eis wat kragtens hierdie klousule verbeur is.

24.18 *Begrafnisbystand:*

24.18.1 Onderhewig aan die bepalings van klousules 24.9.1 en 24.10.1, met die sterfte van 'n lid wat op bystand van die Fonds geregtig is, is begrafnisbystand van R300 betaalbaar aan die oorlewende gade of aan 'n persoon wat die Bestuurskomitee beskou as geregtig om die bystand te ontvang, by voorlegging van sodanige sterfbewys van die werknemer as wat die Bestuurskomitee van tyd tot tyd voorskryf of vereis.

24.19 *Voorbehoud:*

Nieteenstaande enige andersluidende bepalings van hierdie Ooreenkoms geld die volgende:

24.19.1 Die Bestuurskomitee het die bevoegdheid om na goeddunke addisionele hulp toe te staan aan lede in gevalle van ontbering as gevolg van siekte, en mag hy spesiale bystand toestaan aan lede deur middel van geldelike toelaes, lenings of andersins, op die voorwaardes wat hy van tyd tot tyd bepaal.

with the provisions of clause 14 within the said period of two years, the Fund shall be liquidated. Upon liquidation of the Fund, the monies remaining to the credit of the Fund after the payment of all claims against the Fund, including administration and liquidation expenses, shall be equally apportioned between the employers' organisation and the trade union. The Fund shall be liquidated by the Board of Management functioning in terms of this clause or by the trustee(s) appointed in terms of the said clause, as the case may be.

24.16 *Benefits inalienable:*

24.16.1 The benefits provided by the Fund are not transferable and any member who attempts to assign, transfer, cede, pledge or hypothecate his rights shall forthwith cease to be entitled to any benefits whatsoever and membership of the Fund in respect of himself and his dependants shall be terminated.

24.16.2 No person, whether a member or otherwise, shall have any claim or right to or interest upon or in respect of the Fund or any contributions thereto or any interest therein or any claim upon or against the Board or the Fund, except under and in accordance with the provisions of the rules of the Fund.

24.16.3 In deciding any question of fact the Board may, unless otherwise provided in the rules, act upon such evidence as it may deem adequate, whether or not such evidence amount to legal proof.

24.16.4 Any decision of the Board upon any question or fact and any action taken by the Board in terms of any decision entrusted to it by the rules shall be final and shall not be subject to appeal or review.

24.17 *Claims:*

24.17.1 Claims for sick pay benefits and/or special sick pay benefits from the Fund shall be lodged with the Fund on the form prescribed by the Management Committee from time to time, and shall be accompanied by a detailed medical certificate in the form prescribed. The cost of the medical certificate shall be borne by the member concerned: Provided, however, that the Management Committee may require an independent medical examination, the cost of which shall be borne by Scheme A or Scheme B of the Fund, as the case may be.

24.17.2 No claims shall be recognised by the Fund if not submitted within three (3) months after the date on which such liabilities were incurred, nor if the member has failed to act upon proper medical advice.

24.17.3 It shall be sufficient payment of any claim if a cheque is dispatched by prepaid post to the address given in the claim form prescribed by the Management Committee, and if any cheque so sent is not paid within six months of the date of issue, the claim shall be forfeited to the benefit of the Fund: Provided that the Management Committee shall have the power in its discretion to make an *ex gratia* payment in respect of any claim forfeited in terms of this clause.

24.18 *Funeral benefits:*

24.18.1 Subject to the provisions of clause 24.9.1 and 24.10.1, at the death a member entitled to benefit from the Fund, a funeral benefit of R300 shall be payable to the surviving spouse or to such person as the Management Committee may consider entitled to receive the benefit on production of such proof of death of the employee as the Management Committee may from time to time prescribe or require.

24.19 *Reservations:*

The following shall apply notwithstanding anything to the contrary contained in this Agreement:

24.19.1 The Management Committee shall have discretionary power to grant additional assistance to members in cases of hardship arising from illness and may grant special relief to members by means of pecuniary grants, loans or otherwise on such conditions as it may from time to time determine.

24.19.2 Die Bestuurskomitee kan vrystelling verleen van enige van die bepalings van hierdie Ooreenkoms op sodanige bedinge en voorwaardes en vir sodanige tydperke as wat hy bepaal, en aansoek om vrystelling moet aan die Sekretaris van die Raad gerig word.

24.19.3 Die Bestuursraad kan reëls instel wat nie strydig met die Wet en hierdie Ooreenkoms is nie, uitsluitende enige siekte waarvolgens 'n lid die reg op bystand het kragtens hierdie Ooreenkoms. Totdat sulke reëls deur die Bestuursraad gemaak is, is die Fonds nie aanspreeklik om bystand te betaal nie vir enige siekte waarvoor Siektebystandsfonds vir die Haarkappers-bedryf nie volkome of gedeeltelik aanspreeklik sou wees vir betaling van mediese koste in verband met sulke siekte nie.

24.19.4 'n Vakleerling wat nie 'n lid van die Fonds is nie, 'n los werknemer en enige ander werknemer wat van die Fonds uitgesluit is weens—

(a) chroniese siekte;

(b) enige ander goeie rede wat deur die Bestuursraad as voldoende erken word;

en wat van die werk afwesig is weens ongeskiktheid, moet deur die werkgewer altesaam minstens 36 dae siekteverlof toegestaan word tydens enige tydperk van 36 agtereenvolgende maande diens by hom, en die werkgewer moet so 'n werknemer ten opsigte van die afwesigheidstydperk kragtens klousule 24.9.4 'n bedrag betaal van minstens die loon wat hy sou ontvang het as hy tydens sodanige tydperk gewerk het. Met dien verstande dat—

(a) gedurende die eerste 12 maande van diens 'n werknemer nie geregtig is nie op siekteverlof met volle betaling teen 'n koers van meer as een werkdag vir elke voltooide maand diens;

(b) 'n werknemer, as 'n opskortende voorwaarde vir die betaling deur hom van enige bedrag geëis kragtens klousule 24.19.4 deur 'n werknemer vir enige afwesigheid van werk vir 'n tydperk van meer as twee agtereenvolgende dae, van die werknemer kan vereis om 'n sertifikaat te toon wat deur 'n mediese dokter geteken is en wat die aard en duurte van die werknemer se ongeskiktheid weergee. Met dien verstande dat wanneer 'n werknemer gedurende enige tydperk van tot agt weke betaling ontvang het kragtens klousule 24.19 by twee of meer geleenthede sonder om so 'n sertifikaat te toon, sy werkgewer gedurende die tydperk van agt weke wat volg onmiddellik op die vorige sodanige geleentheid, van hom kan vereis om so 'n sertifikaat ten opsigte van enige afwesigheid van werk te toon.

24.19.5 Vir die doel van klousule 24.19.4—

(a) sluit "diens" in enige tydperk waartydens 'n werknemer—

(i) met jaarlikse verlof is;

(ii) met siekteverlof is;

(iii) van die werk afwesig is in opdrag of op versoek van sy werkgewer; of

(iv) diensplig doen ingevolge die Verdedigingswet, 1957,

wat altesaam in enige jaar neerkom op hoogstens 10 weke met betrekking tot (i), (ii) en (iii), plus tot vier maande diensplig in (iv) bedoel wat in daardie jaar gedoen is, en enige ononderbroke diens wat 'n werknemer by dieselfde werkgewer gehad het onmiddellik voor die datum van inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms moet vir die doel van klousule 24.19.4 as in diens beskou word, en enige siekteverlof met volle betaling wat aan so 'n werknemer toegestaan is tydens so 'n tydperk, moet vir die doel van klousule 24.19.4 geag word toegestaan te wees kragtens hierdie Ooreenkoms; en

24.19.2 The Management Committee may grant exemption from any of the provisions of this Agreement under such terms and conditions and for such periods as it may determine, and application for exemption shall be made to the Secretary of the Council.

24.19.3 The Board may make rules not inconsistent with the Act and this Agreement, excluding any illness as entitling a member to benefits in terms of this Agreement. Until such rules shall have been made by the Board the Fund shall not be liable to pay benefits for any illness in respect of which the Hairdressing Trade Sick Benefit Fund would not be liable wholly or in part for the payment of medical expenses connected with such illness.

24.19.4 An apprentice who is not a member of the Fund, a casual employee, and any other employee who has been excluded from the Fund on account of—

(a) chronic illness;

(b) any other good reason recognised by the Board as being sufficient;

and who is absent from work through incapacity, shall be granted by the employer not less than 36 days' sick leave in the aggregate during any period of 36 consecutive months of employment with him, and the employer shall pay such employee in respect of the period of absence in terms of clause 24.9.4 an amount not less than the wage he would have received had he worked during such period: Provided that—

(a) in the first 12 months of employment an employee shall not be entitled to sick leave on full pay at a rate of more than one work-day in respect of each completed month of employment;

(b) an employer may, as a condition precedent to the payment by him of any amount claimed in terms of clause 24.19.4 by an employee in respect of any absence from work for a period covering more than two consecutive days, require the employee to produce a certificate signed by a medical practitioner, stating the nature and duration of the employee's incapacity: Provided that when an employee has, during any period of up to eight weeks, received payment in terms of clause 24.19 on two or more occasions without producing such a certificate, his employer may during the period of eight weeks immediately succeeding the last such occasion require him to produce such certificate in respect of any absence from work.

24.19.5 For the purposes of clause 24.19.4—

(a) "employment" includes any period during which an employee—

(i) is on annual leave;

(ii) is on sick leave;

(iii) is absent from work on the instructions or at the request of his employer; or

(iv) is doing military service in terms of the Defence Act, 1957,

such period amounting in the aggregate in any one year to not more than 10 weeks in respect of (i), (ii) and (iii), plus up to four months of military service as referred to in (iv) rendered during that year, and any continuous employment which an employee has had with the same employer immediately before the date of the commencement of this Agreement shall, for the purposes of clause 24.19.4, be deemed to be employment, and any sick leave on full pay granted to such employee during such period shall, for the purposes of clause 24.19.4, be deemed to have been granted under this Agreement; and

(b) beteken "ongeskiktheid" onvermoë om te werk weens enige siekte of besering, uitgesonderd siekte of besering veroorsaak deur 'n werknemer se eie wangedrag, 'n siekte verbonde aan swangerskap en deelname aan gevaarlike en/of beroepsport: Met dien verstande dat enige sodanige onvermoë om te werk, wat veroorsaak is deur 'n ongeluk waarvoor vergoeding betaalbaar is ingevolge die Ongevalwet, 1941 (Wet 30 van 1941), as ongeskiktheid beskou word slegs tydens enige tydperk ten opsigte waarvan geen ongeskiktheidsbetaling kragtens daardie Wet betaalbaar is nie.

24.19.6 Behoudens die bepalings van klousule 24.19.3 van hierdie Ooreenkoms kan die Bestuursraad, indien 'n lid blywend ongeskik is as gevolg van swak gesondheid, en op sodanige voorwaardes as wat die Bestuursraad in die algemeen of in enige spesifieke geval voorskryf, die tydperk van bystand in klousule 24.19.1 bedoel, verleng, maar op so 'n wyse dat die maksimum tydperk van bystand betaalbaar kragtens hierdie klousule nie twee jaar oorskry nie.

25. VERSKAFFING VAN TOERUSTING

'n Werkgewer moet, vir die gebruik van elke haarkapper (gekwalfiseerd), alle nodige gereedskap en toerusting om sy werk uit te voer, verskaf, uitgesonderd —

- (i) krultoerusting;
- (ii) skêre;
- (iii) kamme;
- (iv) handdroërs;
- (v) haarknippers;
- (vi) skeermesse;
- (vii) kartelknippies;
- (viii) borsels;
- (ix) beskermende kleding;
- (x) nekborsels; en
- (xi) sonstrepingskappe:

Met dien verstande dat in gevalle waar die werkgewer 'n kleurskema ten opsigte van beskermende kleding ingestel het om by die kleurskema van sy salon te pas, hy die beskermende kleding moet verskaf, maar daar mag nie van hom vereis word om meer as twee aan elke werknemer in enige 12-maandetydperk te verskaf nie.

26. HANDHAWING VAN HIERDIE OOREENKOMS

Die Raad kan, vir die doel om die nakoming van hierdie Ooreenkoms te handhaaf, toevlug tot enige wettige maatreëls neem, of volgens die Wet of volgens die Raad se Konstitusie.

27. ULTRA VIRES-BEPALINGS IN OOREENKOMS

Indien enige bepaling in hierdie Ooreenkoms ongeldig of *ultra vires* die bevoegdheid van die Minister of van die partye hierby is, voor of na publikasie van hierdie Ooreenkoms in die *Staatskoerant* deur die Minister kragtens die bepalings van die Wet, raak dit hoegenaamd nie die res van hierdie Ooreenkoms nie, wat in sodanige geval die Ooreenkoms uitmaak.

28. DIENSSERTIFIKAAT

Behalwe wanneer die diens van 'n werknemer deur 'n werkgewer beëindig word as gevolg van drostery, moet 'n werkgewer met die beëindiging van 'n werknemer se diens 'n dienssertifikaat aan so 'n werknemer uitreik wat die volle name van die werkgewer en die werknemer, die beroep van die werknemer, die aanvangsdatum en die datum van diensbeëindiging van die werknemer en sy loonskaal ten tyde van die diensbeëindiging aandui (soos per Bylae H).

(b) "incapacity" means inability to work owing to any illness or injury, other than illness or injury caused by an employee's own misconduct, any illness whatsoever related to pregnancy, and participation in hazardous and/or professional sports: Provided that any such inability to work caused by an accident for which compensation is payable under the Workmen's Compensation Act, 1941 (Act 30 of 1941), shall only be regarded as incapacity during any period in respect of which no disablement pay is payable in terms of that Act.

24.19.6 Subject to the provisions of clause 24.19.3 of this Agreement, the Board of Management may, if a member is permanently disabled as a result of ill health, and on such conditions as the Board of Management may describe generally or in any specific case, extend the period of benefits referred to in clause 24.19.1, but in such a way that the maximum period of benefits payable in terms of this clause shall not exceed two years.

25. PROVISION OF EQUIPMENT

An employer shall provide, for the use of every hairdresser (qualified), all tools and equipment necessary for the carrying out of his work, except —

- (i) curling equipment;
- (ii) scissors;
- (iii) combs;
- (iv) hand-driers;
- (v) clippers;
- (vi) razors;
- (vii) setting clips;
- (viii) brushes;
- (ix) protective garments;
- (x) neck brushes; and
- (xi) highlight caps:

Provided that in cases where the employer has instituted a colour scheme in respect of protective garments to fit in with the colour scheme of his salon, he shall supply the protective garments, but shall not be required to supply more than two to each employee in any period of 12 months.

26. ENFORCEMENT OF THIS AGREEMENT

The Council may, for the purposes of enforcing compliance with this Agreement, have recourse to any means allowed by law, whether under the Act or under the Constitution of the Council.

27. ULTRA VIRES PROVISIONS IN AGREEMENT

Should any provision of this Agreement be inoperative or *ultra vires* the powers of the parties hereto or of the Minister, before or after publication of this Agreement in the *Government Gazette* by the Minister under the provisions of the Act, this shall in no way affect the remainder of this Agreement, which shall in that event constitute the Agreement.

28. CERTIFICATE OF SERVICE

Except where the employment of an employee is terminated by an employer on the grounds of desertion, an employer shall, upon the termination of an employee's employment, issue a certificate of service to such employee reflecting the full names of the employer and the employee, the occupation of the employee, the date of commencement and date of termination of employment and the wage rate of the employee at the date of termination (as per Annexure H).

29. VAKBONDVERTEENWOORDIGERS IN DIE RAAD

Elke werkgever moet aan enige van sy werknemers wat verteenwoordigers of plaasvervangers van die Raad is, elke redelike geleentheid gee om hulle pligte in verband met die Raad se werk na te kom.

30. PENSIOENFONDS

30.1 Die Pensioenfonds, bekend as die Natal Hairdressing Trade Pension Scheme (hierna in hierdie klousule die "Fonds" genoem), word hierby gestig en word hierby voortgesit.

30.2 Die doelwitte van die Fonds is om aan lede aftretings- en sterftevoordele te verskaf, deurdat die Raad die beste moontlike voorwaardes verseker.

30.3 Die Fonds word deur sy reëls beheer, en die voordele kragtens die Fonds word verseker onder Polis No. 184055, uitgereik deur Fedlife Assurance Limited. Afskrifte van alle dokumente wat uitvoerige gegewens van die Fonds en enige wysiging daartoe bevat, moet deur die Raad by die Direkteur-generaal van Mannekrag ingedien word.

30.4 Bydraes:

30.4.1 Die werkgever moet elke maand 'n bedrag van die basiese lone van elke werknemer aftrek wat gelyk is aan 40 persent van die voorgeskrewe maandelikse loon van so 'n werknemer.

30.4.2 By die bedrae afgetrek kragtens klousule 30.4.1 moet die werkgever 'n bedrag voeg wat gelyk is aan 30 persent van die werknemer se voorgeskrewe maandelikse loon en die totale bedrag betaalbaar in elke maand kragtens hierdie klousule, aan die Sekretaris van die Raad, Posbus 2182, Durban, 4000, stuur, nie later nie as die 7de dag van die maand wat onmiddellik volg op die maand ten opsigte waarvan dit betaalbaar is, saam met 'n staat in 'n vorm wat van tyd tot tyd deur die Raad voorgeskryf word.

30.4.3 Geen aftrekkings mag gemaak word of bydraes betaal word nie met betrekking tot afwesigheidsydperke met onbetaalde verlof en afwesigheid weens siekte, besering op diens of militêre diens, wanneer geen betaling aan die werknemer verskuldig is deur die werkgever kragtens enige ooreenkoms of volgens enige wet nie.

30.4.4 Indien enige bedrag verskuldig kragtens hierdie klousule nie deur die Raad ontvang is nie op die 7de dag van die maand wat volg op die maand ten opsigte waarvan dit betaalbaar is, moet die werkgever rente betaal op so 'n bedrag of op so 'n kleiner bedrag wat nog onbetaald is, bereken teen die koers van 25 persent per maand of gedeelte daarvan, van sodanige 7de dag tot die dag waarop kontantbetaling werklik deur die Raad ontvang word: Met dien verstande dat die Raad geregtig is om, na sy absolute goedge-dunke van die betaling van sulke rente of gedeelte daarvan afstand te doen.

30.4.5 Alle bydraes wat deur die Raad ontvang word kragtens hierdie klousule, moet aan die einde van elke maand aan Fedlife Assurance Limited betaal word.

30.5 Lidmaatskap:

Lidmaatskap van die Fonds is verpligtend vir alle werknemers, uitgesonderd los en deeltidse werknemers, wat in diens is in die Haarkappersbedryf, Natal, en wat nog nie 70 jaar oud is nie.

30.5.1 Die volgende persone mag, na die Raad se goedge-dunke, tot lidmaatskap van die Fonds toegelaat word, en die bepalinge van hierdie klousule is *mutatis mutandis* op enige persoon wat aldus toegelaat word, van toepassing:

(a) 'n Werknemer van 'n vakvereniging of 'n werkgeversorganisasie wat 'n party by die Raad is; en

29. TRADE UNION REPRESENTATIVES OF THE COUNCIL

Every employer shall give to any of his employees who are representatives or alternates on the Council every reasonable facility to attend to their duties in connection with the work of the Council.

30. PENSION FUND

30.1 The Pension Fund, known as the Natal Hairdressing Trade Pension Scheme (hereinafter in this clause referred to as the "Fund"), is hereby established and is hereby continued.

30.2 The objects of the Fund shall be to provide members with retirement and death benefits, in that the Council will secure the best conditions possible.

30.3 The Fund shall be governed by its rules and the benefits under the Fund shall be assured under Policy No. 184055, issued by Fedlife Assurance Limited. Copies of all documents containing detailed information of the Fund and any amendment thereto shall be lodged with the Director-General of Manpower by the Council.

30.4 Contributions:

30.4.1 The employer shall each month deduct from the basic wages of each employee an amount equal to 40 per cent of the prescribed monthly wage of such employee.

30.4.2 To the amounts deducted in terms of clause 30.4.1 the employer shall add an amount equal to 30 per cent of the employee's prescribed monthly wage and shall forward the total amount payable each month in terms of this clause to the Secretary of the Council, P.O. Box 2182, Durban, 4000, not later than the 7th day of the month immediately following the month in respect of which it is payable, together with a statement in such form as may from time to time be prescribed by the Council.

30.4.3 No deductions shall be made or contributions paid in respect of periods of absence on unpaid leave and absences owing to illness, injury on duty or military service, where no payment is due to the employee by the employer in terms of any agreement or under any law.

30.4.4 Should any amount due in terms of this clause not be received by the Council by the 7th day of the month following the month in respect of which it is payable the employer shall pay interest on such amount or on such lesser amount as remains unpaid, calculated at the rate of 25 per cent per month or part thereof from such 7th day until the day upon which payment in cash is actually received by the Council: Provided that the Council shall be entitled in its absolute discretion to waive the payment of such interest or part thereof.

30.4.5 All contributions received by the Council in terms of this clause shall be paid to Fedlife Assurance Limited at the end of each month.

30.5 Membership:

Membership of the Fund shall be compulsory for all employees, excluding casual and parttime employees, who are employed in the Hairdressing Trade, Natal, and who have not attained their 70th birthday.

30.5.1 The following persons may, at the discretion of the Council, be admitted to membership of the Fund and the provisions of this clause shall apply *mutatis mutandis* to any person so admitted:

(a) An employee of a trade union or an employers' organization which is a party to the Council; and

(b) as vrywillige lid, 'n persoon wat direk betrokke of in diens is as 'n vakleerling of 'n persoon in diens in 'n administratiewe hoedanigheid in die Bedryf.

30.6 In gevalle waar die—

- (1) Raad ontbind word,
- (2) Raad ophou om te funksioneer, of
- (3) waar die ooreenkoms verstryk,

sal die bepalings van klousules 24.14.2, 24.14.3, 24.15 en 24.15.1 *mutatis mutandis* op hierdie klousule van toepassing wees.

30.7 Vrywaring:

Die lede van die Raad en sy werknemers is nie aanspreeklik vir enige skulde en verpligtinge van die Fonds nie, en hulle word hierby deur die Fonds gevrywaar teen alle verliese en uitgawes deur hulle aangegaan in of in verband met die *bona fide*-uitvoering van hulle pligte.

31. PROMOSIEFONDS

31.1 Die Promosiefonds vir die Haarkappersbedryf word hierby gestig (hierna die "Fonds" genoem) en word hierby voortgesit.

31.2 Die doelwitte van die Fonds is om fondse te verskaf vir onderwys, die hou van promosies en die aankoop van pryse en vir die algemene promosie van die Haarkappersbedryf.

31.3 Ten einde die gemelde doelwitte van die Fonds te bereik, moet elke werkgever die bedrae van die verdienste van elk van sy werknemers wat lede is van die vakvereniging is, aftrek, wat nie 50c per maand sal oorskry nie.

31.4 By die totale bedrag wat aldus afgetrek word ooreenkomstig klousule 31.3, moet die werkgever 'n gelyke bedrag voeg en die hele bedrag maand na maand aan die Sekretaris van die Raad stuur, nie later nie as die 7de dag van elke maand in die vorm voorgeskryf in Bylae A van hierdie Ooreenkoms.

31.5 Indien enige bedrag wat kragtens hierdie klousule verskuldig is, nie deur die Raad op die 7de dag van die maand wat volg op die maand ten opsigte waarvan dit betaalbaar is, ontvang is nie, moet die werkgever rente betaal op sodanige bedrag of op sodanige kleiner bedrag as wat nog onbetaal is, bereken teen die koers van 2,5 persent per maand of gedeelte daarvan vanaf sodanige 7de dag tot op die dag waarop kontantbetaling inderdaad deur die Raad ontvang word: Met dien verstande dat die Raad geregtig is, na sy absolute goeddunke, om af te sien van die betaling van sodanige rente of gedeelte daarvan.

31.6 In gevalle waar die—

- (1) Raad ontbind word,
- (2) Raad ophou om te funksioneer, of
- (3) waar die ooreenkoms verstryk,

sal die bepalings van klousules 24.14.2, 24.14.3, 24.15 en 24.15.1 *mutatis mutandis* op hierdie klousule van toepassing wees.

32. UITTREDINGSANNUÏTEITSFONDS

32.1 Die Uittredingsannuïteitsfonds bekend as die Uittredingsannuïteitsfonds vir Beplande Besparing (hierna in hierdie klousule die "Fonds" genoem), word hierby ingestel.

32.2 Doel van die Fonds:

Die doel van die Fonds is om uittredingsannuïteite aan sy lede te verskaf.

32.3 Die Fonds word deur sy reëls beheer en die voordele van die Fonds word deur Fedlife Assurance Limited verseker. Afskrifte van all dokumente wat uitvoerige gegewens van die Fonds en enige wysigings daarvan bevat, moet deur die Raad by die Direkteur-generaal van Mannekrag ingedien word.

(b) as voluntary member, a person who is directly engaged or employed as an apprentice or a person employed in an administrative capacity in the Trade.

30.6 In the events of the—

- (1) dissolution of the Council,
- (2) Council ceasing to function, or
- (3) expiry of the agreement,

the provisions of clauses 24.14.2, 24.14.3, 24.15 and 24.15.1 shall *mutatis mutandis* apply to this clause.

30.7 Indemnity:

The members of the Council and its employees shall not be liable for any debts or liabilities of the Fund, and they are hereby indemnified by the Fund against losses or expenses incurred by them in or about the *bona fide* discharge of their duties.

31. PROMOTION FUND

31.1 The Hairdressing Industrial Council Promotion Fund (hereinafter referred to as the "Fund") is hereby established and continued.

31.2 The object of the Fund shall be to provide funds for education, for the holding of promotions and the purchasing of prizes and for the general promotion of the Hairdressing Trade.

31.3 For the purpose of achieving the stated objectives of the Fund every employer shall make such deductions from the earnings of each of his employees who are members of the trade union of not more than 50c per month.

31.4 To the total amount so deducted pursuant to clause 31.3, the employer shall add an equal amount and shall remit, month by month, the total sum to the Secretary of the Council not later than the 7th day of each month in the form prescribed in Annexure A to this Agreement.

31.5 Should any amount due in terms of this clause not be received by the Council by the 7th day of the month following the month in respect of which it is payable, the employer shall pay interest on such amount or on such lesser amount as may remain unpaid, calculated at the rate of 2,5 per cent per month or part thereof from such 7th day until the day on which payment in cash is actually received by the Council: Provided that the Council shall be entitled in its absolute discretion to waive the payment of such interest or part thereof.

31.6 In the events of the—

- (1) dissolution of the Council,
- (2) Council ceasing to function, or
- (3) expiry of the agreement,

the provisions of clauses 24.14.2, 24.14.3, 24.15 and 24.15.1 shall *mutatis mutandis* apply to this clause.

32. RETIREMENT ANNUITY FUND

32.1 The Retirement Annuity Fund, known as the Planned Savings Retirement Annuity Fund (hereinafter in this clause referred to as the "Fund"), is hereby established.

32.2 Object of the Fund:

The object of the Fund is to provide retirement annuities for its members.

32.3 The Fund shall be governed by its rules and the benefits under the Fund shall be assured by Fedlife Assurance Limited. Copies of all documents containing detailed information of the Fund and any amendment thereto shall be lodged by the Council with the Director-General of Manpower.

32.4 Bydraes:

'n Lid se normale maandelikse bydra tot die Fonds is minstens 7 persent van 1,25 keer die hoogste maandelikse loon wat vir gekwalifiseerde haarkappers voorgeskryf is kragtens die jongste ooreenkoms.

32.4.1 Elke werkgever moet die bydrae ingevolge klousule 32.4 stuur aan die Sekretaris van die Raad, Posbus 2182, Durban, 4000, nie later nie as die 7de dag van die maand wat onmiddellik volg op die maand ten opsigte waarvan dit betaalbaar is, saam met 'n staat in 'n vorm soos van tyd tot tyd deur die Raad voorgeskryf.

32.4.2 Indien enige bedrag wat kragtens hierdie klousule betaalbaar is, nie deur die Raad ontvang is nie op die 7de dag van die maand wat volg op die maand ten opsigte waarvan dit betaalbaar is, moet die lid rente betaal op sodanige bedrag of op sodanige kleiner bedrag as wat nog onbetaald is, bereken teen die koers van 2,5 persent per maand of gedeelte daarvan, vanaf sodanige 7de dag tot die dag waarop kontantbetaling inderdaad deur die Raad ontvang is: Met dien verstande dat die Raad geregtig is om, na sy absolute goeddunke, af te sien van die betaling van sodanige rente of gedeelte daarvan.

32.4.3 Alle bydraes wat die Raad ooreenkomstig hierdie klousule ontvang, moet aan die einde van elke maand aan Fedlife Assurance Limited betaal word.

32.5 Lidmaatskap:

32.5.1 Lidmaatskap van die Fonds is verpligtend vir alle lede van die South African Hairdressers' and Cosmetologists' Association.

32.5.2 Lidmaatskap begin met die lid se eerste bydrae tot die Fonds en eindig slegs wanneer die volle voordeel ten opsigte van die lid kragtens die reëls betaal is.

32.5.3 Elke lid word van 'n lidmaatskapsbewys voorsien en is geregtig op 'n jaarlike staat van sy voordele ingevolge die Fonds.

32.6 In gevalle waar die—

- (1) Raad ontbind word,
- (2) Raad ophou om te funksioneer, of
- (3) waar die ooreenkoms verstryk,

sal die bepalings van klousules 24.14.2, 24.14.3, 24.15 en 24.15.1 *mutatis mutandis* op hierdie klousule van toepassing wees.

32.7 Vrywaring:

Die lede van die Raad en sy werknemers is nie aanspreeklik vir enige skulde of verpligtinge van die Fonds nie, en hulle word hierby gevrywaar deur die Fonds teen alle verliese en uitgawes wat deur hulle aangegaan is met of in verband met die *bona fide*-uitvoering van hulle pligte.

32.4 Contributions:

A member's normal monthly contribution to the Fund shall be not less than 7 per cent of 1,25 times the highest monthly wage which is prescribed for qualified hairdressers in terms of the most recent agreement.

32.4.1 Every employer shall forward the contributions under clause 32.4 to the Secretary of the Council, P.O. Box 2182, Durban, 4000, not later than the 7th day of the month immediately following the month in respect of which they are payable, together with a statement in such form as may be prescribed by the Council from time to time.

32.4.2 Should any amount due in terms of this clause not be received by the Council by the 7th day of the month following the month in respect of which it is payable, the member shall pay interest on such amount or such lesser amount as may remain unpaid, calculated at the rate of 2,5 per cent per month or part thereof from such 7th day until the day upon which payment in cash is actually received by the Council: Provided that the Council shall be entitled in its absolute discretion to waive the payment of such interest or part thereof.

32.4.3 All contributions received by the Council in terms of this clause shall be paid to Fedlife Assurance Limited at the end of each month.

32.5 Membership:

32.5.1 Membership of the Fund shall be compulsory for all members of the South African Hairdressers' and Cosmetologists' Association.

32.5.2 Membership commences when the member makes his first contribution to the Fund and ceases only when the full benefit in respect of the member has been paid in terms of the rules.

32.5.3 Each member shall be issued with a membership certificate and shall be entitled to an annual statement of his benefits under the Fund.

32.6 In the events of the—

- (1) dissolution of the Council,
- (2) Council ceasing to function, or
- (3) expiry of the agreement,

the provisions of clauses 24.14.2, 24.14.3, 24.15 and 24.15.1 shall *mutatis mutandis* apply to this clause.

32.7 Indemnity:

The members of the Council and its employees shall not be liable for any debts and liabilities of the Fund, and are hereby indemnified by the Fund against all losses and expenses incurred by them in or about the *bona fide* discharge of their duties.

(9) Waar 'n werknemer by 'n werkplek blootgestel is of blootgestel kan word aan 'n potensiële gevaar van besering aan of absorpsie deur die vel as gevolg van skielike aanraking met 'n groot hoeveelheid toksiese, invretende, hoërisiko- of soortgelyke gevaarlike stof, moet die betrokke werkgewer toesien dat 'n vinnig reagerende vloedstortbad met skoon water of 'n soortgelyke fasiliteit by of in die onmiddellike omgewing van die werkplek van sodanige werknemer is en dat elke sodanige werknemer in die gebruik daarvan opgelei is.

BYLAE

(Regulasie 3)

MINIMUM INHOUD VAN 'N EERSTEHULPKAS

In die geval van winkels en kantore, mag die hoeveelhede onder items 1, 8, 9, 10, 14, 15, 17 en 18 halveer word.

- Item 1: Wondreiniger/ontsmettingsmiddel (100 ml).
- Item 2: Deppers vir reiniging van wonde.
- Item 3: Watte vir kussinkies (100 g).
- Item 4: Steriele gaasstroke (minimum hoeveelheid 10).
- Item 5: 1 Pinset (vir splinters).
- Item 6: 1 Skêr (minimum grootte 100 mm).
- Item 7: 1 Stel haakspelde.
- Item 8: 4 Driehoekverbande.
- Item 9: 4 Rolverbande (75 mm × 5 m).
- Item 10: 4 Rolverbande (100 mm × 5 m).
- Item 11: 1 Rol hegpleister (25 mm × 3 m).
- Item 12: 1 Nie-allergiese kleefstrook (25 mm × 3 m).
- Item 13: 1 Pakkie kleefverbandstrokies (minimum hoeveelheid 10 verskillende groottes).
- Item 14: 4 Eerstehulpverbande (75 mm × 100 mm).
- Item 15: 4 Eerstehulpverbande (150 mm × 200 mm).
- Item 16: 2 Reguit spalke.
- Item 17: 2 Paar groot en 2 paar medium wegdoenbare latekshandskoene.
- Item 18: 2 KPR-mondstukke of soortgelyke toestelle.

No. R. 2247

7 Augustus 1992

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

KLERASIENYWERHEID, ORANJE-VRYSTAAT EN NOORD-KAAPLAND: HERBEKRAGTING VAN MEDIESE HULPVERENIGINGOOREENKOMS

Ek, Glen Morris Edwin Carelse, Adjunkminister van Mannekrag, verklaar hierby—

- (a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms wat in die Bylae hiervan verskyn en betrekking het op die Onderneming, Nywerheid, Bedryf of Beroep in die opskrif by

Daarna die loon voorgeskryf in (a), d.w.s.	204,50	Thereafter, the wage specified in (a), i.e.	204,50

	Loon per week		Wage per week
Deel B: Fabriekswerkers	R	Part B: Factory Operatives	R
Klerasiemasjienwerktuigkundige:		Clothing machine mechanic:	
(a) Gekwalifiseer	382,00	(a) Qualified	382,00
(b) Leerling:		(b) Learner:	
Eerste jaar		First year	
Eerste ses maande ondervinding	211,00	First six months of experience	211,00
Tweede ses maande ondervinding	233,50	Second six months of experience	233,50
Tweede jaar		Second year	
Eerste ses maande ondervinding	257,00	First six months of experience	257,00
Tweede ses maande ondervinding	280,50	Second six months of experience	280,50
Derde jaar		Third year	
Eerste ses maande ondervinding	306,00	First six months of experience	306,00
Tweede ses maande ondervinding	331,50	Second six months of experience	331,50
Daarna die loon voorgeskryf in (a), d.w.s.	382,00	Thereafter, the wage specified in (a), i.e.	382,00
Werknemer graad A:		Grade A employee:	
(a) Gekwalifiseer	233,50	(a) Qualified	233,50
(b) Leerling:		(b) Learner:	
Eerste jaar		First year	
Eerste ses maande ondervinding	162,00	First six months of experience	162,00
Tweede ses maande ondervinding	174,50	Second six months of experience	174,50
Tweede jaar		Second year	
Eerste ses maande ondervinding	186,00	First six months of experience	186,00
Tweede ses maande ondervinding	198,50	Second six months of experience	198,50
Derde jaar		Third year	
Eerste ses maande ondervinding	212,00	First six months of experience	212,00
Daarna die loon voorgeskryf in (a), d.w.s.	233,50	Thereafter, the wage specified in (a), i.e.	233,50
Werknemer graad B:		Grade B employee:	
(a) Gekwalifiseer	196,00	(a) Qualified	196,00
(b) Leerling:		(b) Learner:	
Eerste jaar		First year	
Eerste ses maande ondervinding	158,50	First six months of experience	158,50
Tweede ses maande ondervinding	167,50	Second six months of experience	167,50
Tweede jaar		Second year	
Eerste ses maande ondervinding	176,50	First six months of experience	176,50
Daarna die loon voorgeskryf in (a), d.w.s.	196,00	Thereafter, the wage specified in (a), e.i.	196,00
(c) Indien bevorder tot werknemer graad A:		(c) If advanced to Grade A employee:	
Eerste ses maande na datum van bevordering ..	196,00	First six months for date of advancement	196,00
Tweede ses maande na datum van bevordering ..	198,50	Second six months from date of advancement ..	198,50
Derde ses maande na datum van bevordering ..	212,00	Third six months from date of advancement	212,00
Daarna die loon vir 'n gekwalifiseerde werknemer graad A voorgeskryf, d.w.s.	233,50	Thereafter, the wage specified for qualified Grade A employee, i.e.	233,50
Werknemer graad C:		Grade C employee:	
(a) Gekwalifiseer	174,00	(a) Qualified	174,00
(b) Leerling:		(b) Learner:	
Eerste jaar		First year	
Eerste ses maande ondervinding	155,00	First six months of experience	155,00
Tweede ses maande ondervinding	160,50	Second six months of experience	160,50
Daarna die loon voorgeskryf in (a), d.w.s.	174,00	Thereafter, the wage specified in (a), e.i.	174,00
(c) Indien bevorder tot werknemer graad B:		(c) If advanced to Grade B employee:	
Eerste ses maande na datum van bevordering ..	174,00	First six months from date of advancement	174,00
Tweede ses maande na datum van bevordering ..	176,50	Second six months from date of advancement ..	176,50
Daarna die loon vir 'n gekwalifiseerde werknemer graad B voorgeskryf, d.w.s.	196,00	Thereafter, the wage specified for qualified Grade B employee, i.e.	196,00
Voorparser, blokker:		Underpresser, blocker:	
(a) Gekwalifiseer	176,50	(a) Qualified	176,50
(b) Leerling:		(b) Learner:	
Eerste jaar		First year	
Eerste ses maande ondervinding	151,00	First six months of experience	151,00
Tweede ses maande ondervinding	156,50	Second six months of experience	156,50
Tweede jaar		Second year	
Eerste ses maande ondervinding	163,00	First six months of experience	163,00
Daarna die loon voorgeskryf in (a), d.w.s.	176,50	Thereafter, the wage specified in (a), e.i.	176,50
(c) Indien bevorder tot leerlingparser:		(c) If advanced to learner presser:	
Eerste ses maande na datum van bevordering ..	176,50	First six months for date of advancement	176,50
Tweede ses maande na datum van bevordering ..	212,00	Second six months from date of advancement ..	212,00
Daarna die loon vir 'n gekwalifiseerde werknemer graad A voorgeskryf, d.w.s.	233,50	Thereafter, the wage specified for qualified Grade A employee, i.e.	233,50

(355)

	Loon per week
Deel C: Klerke	R
Klerk:	
(a) Gekwalifiseer	258,00
(b) Leerling:	
Eerste jaar ondervinding	187,50
Tweede jaar ondervinding	206,00
Derde jaar	
Eerste ses maande ondervinding	225,50
Daarna die loon voorgeskryf in (a), d.w.s	258,00
Fabrieksklerk:	
(a) Gekwalifiseer	191,00
(b) Leerling:	
Eerste jaar ondervinding	150,50
Tweede jaar ondervinding	161,50
Derde jaar	
Eerste ses maande ondervinding	174,00
Daarna die loon voorgeskryf in (a), d.w.s	191,00
Deel D: Algemeen	
Ketelbediener	180,50
Versendingsverpakker	186,50
Algemene werker	173,50
Arbeider	176,50
Drywer van motorvoertuig waarvan die onbelaste massa, tesame met die onbelaste massa van 'n sleepwa of -waens wat deur sodanige voertuig getrek word—	
onder 2 720 kg is	196,50
2 720 kg en meer is	225,00
Toesighouer, gehaltebeheerder en instrukteur	240,00
Handelsreisiger se drywer	196,50
Wag of opsigter, wie se normale werkure—	
(a) minder as 60 uur per week is	203,50
(b) 60 uur per week is	214,00".

(2) In subklousule (10) vervang die uitdrukking "R. 2328 van 27 Oktober 1989" deur die uitdrukking "R. 2087 van 31 Augustus 1990".

6. KLOUSULE 26: SIEKEFONDS

(1) In subklousule (4) vervang paragrawe (a), (b) en (c) deur die volgende:

"(a) Vir die doel van sodanige Fonds moet elke werkgewer, behoudens subklousule (13), elke week van die loon van elkeen van sy werknemers vir wie minimum lone in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word en wat gedurende 'n week gewerk het, afgesien van die tyd aldus gewerk (hierna 'n 'bydraer' genoem), die volgende bedrag aftrek:

Groep 1: In die geval van 'n bydraer wat 'n loon van minder as R205,00 per week ontvang: R3,70;

Groep 2: In die geval van 'n bydraer wat 'n loon van R205,00 per week en meer ontvang: R4,70.

(b) **Werkgewer se bydrae:** 'n Werkgewer moet elke week ten opsigte van elke bydraer van wie se loon 'n aftrekking ingevolge (a) hierbo gemaak moet word, 'n gelyke bedrag bydra.

(c) Die totale bedrag wat die werkgewer se bydrae en die bydraer se bydrae verteenwoordig, moet maandeliks deur die werkgewer aangestuur word aan die Sekretaris van die Raad in die vorm van Aanhangsel G van hierdie Ooreenkoms en werk voor of op die 14de dag van elke maand wat volg op die maand waarop genoemde bydraes betrekking het."

(2) Vervang subklousule (4) (h) deur die volgende:

"(h) Die werkgewer moet die Fonds elke week in kennis stel, volgens die voorskrif vervat in klousule 16 (4) van hierdie Ooreenkoms, van elke bydraer wat sonder besoldiging vier of meer agtereenvolgende betaalweke afwesig was."

	Wage per week
Part C: Clerical Employees	R
Clerk:	
(a) Qualified	258,00
(b) Learner:	
First year of experience	187,50
Second year of experience	206,00
Third year	
First six months of experience	225,50
Thereafter, the wage specified in (a), i.e.	258,00
Factory clerk:	
(a) Qualified	191,00
(b) Learner:	
First year of experience	150,50
Second year of experience	161,50
Third year	
First six months of experience	174,00
Thereafter, the wage specified in (a), i.e.	191,00
Part D: General	
Boiler attendant	180,50
Despatch packer	186,50
General worker	173,50
Labourer	176,50
Motor vehicle driver of a vehicle the unladen mass of which, together with the unladen mass of any trailer or trailers drawn by such vehicle is as follows:	
Under 2 720 kg	196,50
2 720 kg and over	225,00
Supervisor, quality controller and instructor	240,00
Traveller's driver	196,50
Watchman or caretaker whose ordinary hours of work are—	
(a) Less than 60 hours per week	203,50
(b) 60 hours per week	214,00".

(2) In subclause (10) substitute the expression "R. 2087 of 31 August 1990" for the expression "R. 2328 of 27 October 1989".

6. CLAUSE 26: SICK FUND

(1) In subclause (4), substitute the following for paragraphs (a), (b) and (c):

"(a) For the purpose of such Fund, every employer shall, save as provided in subclause (13), each week deduct from the wages of each of his employees for whom minimum wages are prescribed in this Agreement and who has worked during any week, irrespective of the time so worked (hereinafter referred to as 'contributor') the following amount:

Group 1: In the case of a contributor earning a wage of less than R205,00 per week: R3,70;

Group 2: In the case of contributor earning a wage of R205,00 per week and more: R4,70.

(b) **Employer's contribution:** An employer shall each week in respect of each contributor from whose wages deductions are due in terms of (a) above, contribute an equal amount.

(c) The total sum representing the employer's contributions and the contributor's contributions shall be forwarded monthly by the employer, but not later than the 14th day of each month following the month to which such contributions relate, in the forms of Annexure G to this Agreement, to the Secretary of the Council."

(2) Substitute the following for subclause (4) (h):

"(h) The employer shall each week notify the Fund of all contributors who have been absent without pay for four or more consecutive pay weeks in the manner prescribed in clause 16 (4) of this Agreement."

(3) Voeg die volgende by subklousule (5):

"(c) Kraamvoordele:

(i) 'n Afsonderlike kraamvoordeelrekening word ingestel waaruit alle kraamvoordeelbetalings gemaak moet word.

(ii) Die kraamvoordeelrekening moet soos volg gefinansier word:

(aa) 'n Gedeelte van die totale Siekefondsbydraes moet in die kraamvoordeelrekening inbetaal word.

(bb) Die gedeelte wat in die kraamvoordeelrekening inbetaal word, verteenwoordig gelyke bydraes van die werkgever en bydraer teen 'n koers van 35c elk per week.

(iii) Behoudens die bepalinge van hierdie Ooreenkoms is 'n vroulike bydraer wat—

(aa) deurlopend bydraes tot die Siekefonds gemaak het vir minstens twee jaar; en

(bb) deurlopend in die Nywerheid in diens was vir minstens twee jaar;

op die datum waarop sy ophou werk as gevolg van haar swangerskap, geregtig op die kraamvoordeelbetaling soos bepaal in paragraaf (v) hieronder.

(iv) Vir die toepassing van hierdie subklousule word niebydraende tydperke as gevolg van siekte en/of korttyd beskou as bydraende tydperke.

(v) 'n Werknemer wat geregtig is op die kraamvoordeel, ontvang 'n enkelbedragbetaling van die kraamvoordeelrekening gelyk aan 25% van sodanige werknemer se weeklikse loon ten tyde van diensstaking vanweë haar swangerskap, vermenigvuldig met 13: Met dien verstande dat geen sodanige betaling aan die werknemer gemaak moet word—

(aa) vroeër as vier weke voor die verwagte datum van haar bevalling nie, en die verwagte datum van bevalling moet vasgestel word deur 'n resente mediese sertifikaat geteken deur 'n mediese praktisyn waarop die aantal weke swangerskap en die verwagte datum van die bevalling aangedui word; of

(bb) in die geval van 'n vroeggebore baba wat lewendig is by geboorte nie, tensy sy 'n geboortesertifikaat verstrek; of

(cc) ten opsigte van 'n miskraam, aborsie of doodgebore baba gedurende die eerste 35 weke van swangerskap nie; of

(dd) indien haar diens beëindig word vroeër as die 22ste week van haar swangerskap nie; of

(ee) indien die werknemer te sterwe kom voordat sy die voordeel opeis wat haar toekom ingevolge hierdie subklousule, tot tyd en wyl die Meester van die Hooggeregshof besluit het aan wie die voordeel betaal moet word nie."

(4) Hernommer die bestaande subklousule "(15)" om te lui "(16)".

(5) Voeg die volgende nuwe subklousule (15) in:

"(15) Die Komitee moet van tyd tot tyd besluit oor die vorm en wyse waarop eise ingestel en voordele betaal moet word ingevolge hierdie klousule."

7. KLOUSULE 30: KRAAMVERLOF

Vervang hierdie klousule deur die volgende:

"30. KRAAMVERLOF

(1) Behoudens die bepalinge van hierdie Ooreenkoms is 'n vroulike werknemer—

(a) wat deurlopend minstens twee jaar vir dieselfde werkgever gewerk het; en

(b) wie se werkgever deurlopend minstens twee jaar by die Raad geregistreer was;

tot en met die datum van aanvang van haar kraamverlof, geregtig op kraamverlof van hoogstens ses maande vir elke swangerskap.

(3) Add the following to subclause (5):

"(c) Maternity benefits:

(i) A separate maternity benefit account shall be established from which all maternity benefit payments shall be made.

(ii) The maternity benefit account shall be financed as follows:

(aa) A portion of the total Sick Fund contributions shall be paid into the maternity benefit account.

(bb) The portion to be paid to the maternity benefit account shall be equal contributions from the employer and the contributor at the rate of 35c per week each.

(iii) Subject to the provisions of this Agreement a female contributor who—

(aa) has continuously contributed to the Sick Fund for no less than two years; and

(bb) has continuously been employed in the Industry for no less than two years;

as at the date of ceasing employment because of her pregnancy shall be entitled to the maternity benefits set out in paragraph (v) below.

(iv) For purposes of this subclause non-contributing periods owing to illness and/or short time shall be deemed as periods of contribution.

(v) Any employee who is entitled to maternity benefits shall receive a lump sum payment from the maternity benefit account equal to 25% of such employee's weekly wage earned at the time of ceasing employment because of her pregnancy, multiplied by 13: Provided that no such payment shall be made to the employee—

(aa) earlier than 4 weeks prior to the expected date of her confinement; the expected date of her confinement shall be determined by a recent medical certificate signed by a medical practitioner indicating the number of weeks of pregnancy and the expected date of confinement; or

(bb) in the event a prematurely born child which is alive at birth, unless she produces a birth certificate; or

(cc) in respect of a miscarriage, abortion or still-born child that occurs during the first 35 weeks of pregnancy; or

(dd) if her employment terminates prior to the 22nd week of pregnancy; or

(ee) if the employee dies prior to claiming the benefit due to her in terms of this subclause, until such time as the Master of the Supreme Court has decided to whom such benefit should be paid."

(4) Renumber subclause "(15)" to read "(16)".

(5) Insert the following new subclause (15):

"(15) The Committee shall decide from time to time on the form and manner in which claims shall be lodged and benefits paid in terms of this clause."

7. CLAUSE 30: MATERNITY LEAVE

Substitute the following for this clause:

"30. MATERNITY LEAVE

(1) Subject to the provisions of this Agreement a female employee who—

(a) has continuously worked for the same employer for no less than two years; and

(b) whose employer has been continuously registered with the Council for no less than two years;

as and at the date of commencing her maternity leave shall be entitled to maternity leave not exceeding six months for any one pregnancy.



(2) Alle regte en pligte wat die werkgewer en die werknemer het ingevolge die dienskontrak, moet opgeskort word gedurende die tydperk van kraamverlof en die werknemer ontvang geen voordeel gedurende hierdie tydperk nie, behalwe dat—

(a) indien sy voldoen het aan subklousule (3) (a), (b), (c) en (d) hieronder, haar diens as ononderbroke beskou moet word;

(b) die werkgewer voorts—in die geval van 'n bydraer tot die Siekefonds, alle bydraes tot die Siekefonds soos bepaal in die Ooreenkoms vir die Plattelandse Gebiede van die Raad, gepubliseer by Goewermementskennisgewing No. R. 1375 van 1 Julie 1983, en in die geval van 'n bydraer tot die Voorsorgfonds alle bydraes tot die Voorsorgfonds soos bepaal in die Voorsorgfondsooreenkoms, gepubliseer by Goewermementskennisgewing No. R. 678 van 31 Maart 1983, of ingevolge die ooreenstemmende bepalinge van alle wysigings van genoemde Ooreenkomste—moet betaal ten opsigte van homself en die werknemer wat met kraamverlof is, terwyl die werknemer met sodanige verlof is en totdat—

(i) die werknemer die bepalinge van hierdie Ooreenkoms verbreek deur te versuim om haar werkgewer in kennis te stel van die voorgenome datum van haar terugkeer na haar werk soos bepaal in subklousule (3) (b) hieronder, tensy goeie rede aangevoer word vir versuim in dié verband; of

(ii) die werknemer die bepalinge van hierdie Ooreenkoms verbreek deur te versuim om na haar werk terug te keer op die datum soos bepaal in subklousule (3) (a) en (b) hieronder, tensy goeie rede aangevoer word vir versuim in dié verband; of

(iii) die werknemer na haar werk terugkeer; wat ook al eerste gebeur.

(3) By verstryking van die tydperk van kraamverlof is die werknemer geregtig om werk te hervat in 'n identiese of soortgelyke betrekking, maar een wat nie minder gunstig is nie as die een wat sy bekleed het voordat sy kraamverlof geneem het. Hierdie verpligting wat op die werkgewer rus om die werknemer weer in diens te neem, is onderworpe daaraan en op voorwaarde dat die werknemer aan die volgende voldoen het:

(a) Deur die vorm voorgeskryf in Aanhangsel N van hierdie Ooreenkoms minstens een maand voor die datum waarop sy met kraamverlof gaan, in te vul: Met dien verstande dat hierdie vereiste nie van toepassing is in die geval van 'n werknemer wat vroeër as verwag as gevolg van mediese redes moet ophou werk nie; en

(b) deur haar werkgewer minstens vier weke vooraf in kennis te stel van die datum waarop sy van plan is om na haar werk terug te keer deur die vorm voorgeskryf in Aanhangsel O van hierdie Ooreenkoms in te vul of deur enige ander skriftelike kennisgewing, en die vorm of kennisgewing per geregistreerde pos aan die werkgewer te stuur of deur die vorm of kennisgewing af te lewer of te laat aflewer aan 'n verantwoordelike beampte van haar werkgewer en 'n skriftelike erkenning van ontvangs daarvoor te verkry; en

(c) deur terug te keer na haar werk en haar gewone pligte te hervat op die datum bepaal in Aanhangsel N, of deur goeie rede te verstrek waarom dit nie moontlik was om op die bepaalde datum terug te keer nie; en

(d) deur haar kraamverlof nie vroeër nie as op 22 weke swangerskap te begin en terug te keer na haar werk binne die tydperk van ses maande of, indien die kraamverloftydperk gedurende die werkgewer se jaarlikse verloftydperk verstryk, of waar die datum van terugkeer op 'n openbare vakansiedag val, deur na haar werk terug te keer op die eerste werkdag na die jaarlikse verloftydperk of die openbare vakansiedag.

(4) Behoudens die bepalinge van hierdie Ooreenkoms mag geen werkgewer van 'n vroulike werknemer vereis of haar toelaat om te werk gedurende die tydperk wat vier weke voor die verwagte datum van haar bevalling 'n aanvang neem en wat agt weke na die datum van haar bevalling verstryk nie.

(2) During the period of maternity leave all the rights and obligations that the employee and the employer may have under the employment contract shall be suspended and no benefit shall accrue to the employee during this period except that—

(a) provided she has complied with subclause (3) (a), (b), (c) and (d) hereunder, her service will be regarded as uninterrupted;

(b) the employer shall continue to pay—in the case of a Sick Fund contributor, all Sick Fund contributions as provided for in the Agreement for the Country Areas of the Council, published under Government Notice No. R. 1375 of 1 July 1983, and, in the case of a Provident Fund contributor, all Provident Fund contributions as provided for in the Provident Fund Agreement, published under Government Notice No. R. 678 of 31 March 1983, or the corresponding provisions of any amendments to such Agreements—in respect of himself and of any employee on maternity leave while such employee is on such leave and until—

(i) the employee breaches the provisions of this Agreement by failing to notify her employer of her intended date of return to work as provided for in subclause (3) (b) below, unless good cause for such failure is shown; or

(ii) the employee breaches the provisions of this Agreement by failing to return work on the date as provided for in subclause (3) (a) and (b) below, unless good cause for such failure is shown; or

(iii) the employee return to work; whichever occurs first.

(3) At the end of the period of maternity leave the employee shall be entitled to resume her work in a position identical or similar, but not less favourable, to the one which she held prior to her taking maternity leave. This obligation on the employer to re-engage the employee is subject to and conditional upon the employee having complied with the following:

(a) By completing a form identical to Annexure N to this Agreement at least one month before the date of commencement of her maternity leave: Provided that this requirement shall not apply in the event of the employee having to stop work owing to medical reasons, earlier than anticipated; and

(b) by notifying her employer at least four weeks prior to her intended date of return to work of her intention to so return to work by completing a form identical to Annexure O of this Agreement, or by any other written notice, and forwarding such form or notice to her employer by registered mail or by delivering such notice or form to a responsible officer of the employer and obtaining a written acknowledgment of receipt therefor; and

(c) by returning to work and resuming her normal duties on the date stipulated in Annexure N or by showing good cause why it was not possible to return to work on the stipulated date; and

(d) by commencing her maternity leave not earlier than at 22 weeks of pregnancy and returning to work within the six month period or, where the maternity leave period expires during the employer's annual leave period or the return day falls on a public holiday, by returning to work on the first working day after the annual leave period or the public holiday.

(4) Subject to the provisions of this Agreement, no employer shall require or permit any female employee to work during the period commencing four weeks prior to the expected date of her confinement and ending eight weeks after the date of her confinement.

(5) 'n Werkgewer is geregtig om 'n pos te vul wat vakant geraak het as gevolg van 'n werknemer wat met kraamverlof is, deur 'n ander persoon in diens te neem op 'n vastetermynkontrakgrondslag totdat die werknemer wat met kraamverlof is na haar werk terugkeer. Die vastetermynkontrak moet die voorskrifte bevat soos uiteengesit in Aanhangel P van hierdie Ooreenkoms en moet onderteken word deur die werkgewer en die werknemer wat ingevolge dié vastetermynkontrak in diens geneem word. Laasgenoemde moet besoldig word volgens die skaal voorgeskryf in hierdie Ooreenkoms vir die klas werk waarvoor hy in diens geneem is.

(6) Ofskoon die dienskontrak van 'n werknemer beëindig kan word indien sy versuim om te voldoen aan die bepalings van subklousule (3) (a), (b), (c) en (d) hierbo, verander sodanige diensbeëindiging geensins die tydelike aard van die dienskontrak van enige ander werknemer wat in haar plek in diens geneem is nie."

8. KLOUSULE 33: WERKWINKELVERTEENWOORDIGERS

(1) Vervang subklousule (3) deur die volgende:

"(3) Werkwinkelverteenwoordigers wat deur 'n werkgewer erken word, is geregtig op drie dae betaalde verlof per jaar met die doel om opleidingskursusse vir werkwinkelverteenwoordigers by te woon waar genoemde bywoning binne gewone werkure val. Met dien verstande dat 'n sinopsis van elke sodanige opleidingskursus by die werkgewersorganisasies ingedien is."

(2) Voeg die volgende nuwe subklousule (4) in:

"(4) Benewens die verlof in (3) hierbo toegestaan, is die werkwinkelverteenwoordigers wat deur 'n werkgewer erken word, geregtig op en het hulle toegang tot addisionele betaalde verlof om aan vakverenigingverpligtinge te wy. Die betaalde verlof hiervolgens word bereken teen drie dae per jaar per werkwinkelverteenwoordiger wat deur 'n werkgewer erken word. Die addisionele verlof aldus bereken ingevolge hierdie subklousule moet by elke bedryfsinrigting gepoel word en die werkwinkelverteenwoordigers wat deur 'n werkgewer erken word, is geregtig om die gepoelde addisionele verlof te gebruik vir en toe te wys aan vakverenigingverpligtinge op enige wyse wat die vakvereniging goed ag."

9. AANHANGSEL G

Vervang Aanhangel G van die Ooreenkoms deur die aangehegte Aanhangel G.

Namens die partye op hede die 30ste dag van Januarie 1992 te Soutrivier onderteken.

W. F. ALEXANDER,
Voorsitter van die Raad.

C. E. McCARTHY,
Ondervoorsitter van die Raad.

J. N. VAUGHAN,
Sekretaris van die Raad.

(5) An employer shall be entitled to fill a position which has become vacant owing to an employee having gone on maternity leave by employing another person on a fixed-term contract until the return of the employee from maternity leave. The fixed-term contract shall contain the provisions set out in Annexure P to this Agreement and shall be signed by both the employer and the employee employed on a fixed-term contract. The latter shall be remunerated at the wage prescribed in this Agreement for the class in which he is employed.

(6) Although the contract of employment of an employee may be terminated if she fails to comply with the provisions of subclause (3) (a), (b), (c) and (d) above, such termination shall not in any way whatsoever change the temporary nature of the fixed-term contract of employment of any other employee who may have been employed to fill her position."

8. CLAUSE 33: SHOP STEWARDS

(1) Substitute the following for subclause (3):

"(3) Shop stewards recognised by an employer shall be entitled to three days' paid leave per annum to attend shop steward training courses when such attendance falls within normal working hours, provided an outline of each such training course has been lodged with the employers' organisations."

(2) Insert the following new subclause (4):

"(4) In addition to the leave granted in (3) above, shop stewards recognised by an employer shall be eligible for and have access to further paid leave to attend to trade union duties. The paid leave in terms hereof shall be calculated at three days per annum per shop steward recognised by an employer. At each establishment the additional leave generated in terms of this subclause shall be pooled and shop stewards recognised by an employer shall be entitled to use and allocate the additional leave so pooled to attend to trade union duties in any manner that the trade union deems fit."

9. ANNEXURE G

Substitute the attached Annexure G for Annexure G of the Agreement.

Signed at Salt River, on behalf of the parties, this 30th day of January 1992.

W. F. ALEXANDER,
Chairman of the Council.

C. E. McCARTHY,
Vice-Chairman of the Council.

J. N. VAUGHAN,
Secretary of the Council.

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG

No. R. 2688

25 September 1992

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956**ELEKTROTEGNIËSE AANNEMINGSNYWERHEID, TRANSVAAL: WYSIGING VAN HOOFOOREENKOMS**

Ek, Glen Morris Edwin Carelse, Adjunkminister van Mannekrag, verklaar hierby—

- (a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigings-ooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en betrekking het op die Onderneming, Nywerheid, Bedryf of Beroep in die opskrif by hierdie kennisgewing vermeld, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 Junie 1993 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakverenigings wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of verenigings is; en
- (b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd die vervat in klousules 1 (1) (a) en 3 met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 Junie 1993 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as die genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing wat betrokke is by of in diens is in genoemde Onderneming, Nywerheid, Bedryf of Beroep in die gebiede in klousule 1 van die Wysigingsooreenkoms gespesifiseer.

G. M. E. CARELSE,

Adjunkminister van Mannekrag.

BYLAE**NYWERHEIDSRAAD VIR DIE ELEKTROTEGNIËSE AANNEMINGSNYWERHEID****OOREENKOMS**

ooreenkomstig die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen die

Electrical Contractors' Association (South Africa)

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant, en die

South African Electrical Workers' Association

en die

Metal and Electrical Workers' Union of South Africa

(hierna die "werknemers" of die "vakverenigings" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Elektrotegniese Aannemingsnywerheid,

tot wysiging van die Ooreenkoms, gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 1189 van 24 Mei 1991 (hierna die "Herbektigingsooreenkoms" genoem), soos hernieu en gewysig by Goewermentskennisgewings Nos. R. 1743 van 2 Augustus 1991, R. 2412 van 4 Oktober 1991, R. 3 van 3 Januarie 1992 en R. 1963 van 10 Julie 1992.

DEPARTMENT OF MANPOWER

No. R. 2688

25 September 1992

LABOUR RELATIONS ACT, 1956**ELECTRICAL CONTRACTING INDUSTRY, TRANSVAAL: AMENDMENT OF MAIN AGREEMENT**

I, Glen Morris Edwin Carelse, Deputy Minister of Manpower, hereby—

- (a) in terms of section 48 (1) (a) of the Labour Relations Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Undertaking, Industry, Trade or Occupation referred to in the heading to this notice, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 30 June 1993, upon the employers' organisation and the trade unions which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or unions; and
- (b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clauses 1 (1) (a) and 3, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 30 June 1993, upon all employers and employees, other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Undertaking, Industry, Trade or Occupation in the areas specified in clause 1 of the Amending Agreement.

G. M. E. CARELSE,

Deputy Minister of Manpower.

SCHEDULE**INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE ELECTRICAL CONTRACTING INDUSTRY****AGREEMENT**

In accordance with the provisions of the Labour Relations Act, 1956, made and entered into by and between the

Electrical Contractor's Association (South Africa)

(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisation"), of the one part, and the

South African Electrical Workers' Association

and the

Metal and Electrical Workers' Union of South Africa

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade unions"), of the other part,

being the parties to the Industrial Council for the Electrical Contracting Industry,

to amend the Agreement published under Government Notice No. R. 1189 of 24 May 1991 (hereinafter referred to as the "Re-enacting Agreement"), as renewed and amended by Government Notices Nos. R. 1743 of 2 August 1991, R. 2412 of 4 October 1991, R. 3 of 3 January 1992 and R. 1963 of 10 July 1992.

DEEL I**ALGEMENE VOORWAARDES WAT DEURGAANS OP HIERDIE OOREENKOMS VAN TOEPASSING IS****1. GEBIED EN TOEPASSINGSBESTEK**

(1) Hierdie Ooreenkoms moet nagekom word deur alle werkgewers en werknemers in die Elektrotegniese Aannemingsnywerheid—

- (a) wat lede is van onderskeidelik die werkgewersorganisasie en die vakverenigings; en
- (b) wat betrokke is by of werksaam is in die Nywerheid in die provinsie Transvaal; en
- (c) in die landdrostdistrikte Bloemfontein en Sasolburg.

(2) Ondanks subklousule (1) is die Ooreenkoms van toepassing op vakleerlinge en kwekelinge slegs vir sover dit nie strydig is met die Wet op Mannekragopleiding, 1981, of met voorwaardes of kennisgewings wat daarkragtens voorgeskryf of bestel is nie.

(3) Vir die toepassing van hierdie Ooreenkoms word die "weeklikse loonskaal" van vakleerlinge wat kragtens die Wet op Mannekragopleiding, 1981, voorgeskryf is, geag die weekloon van sodanige werknemers te wees en is die "uurloon" die weekloon soos hierbo bereken, gedeel deur die getal gewone ure wat daar in die betrokke bedryfsinrigting gewerk word.

2. ALGEMENE BEPALINGS

Vervang klousule 4 van die Herbekragtigingsooreenkoms deur die volgende:

"4. ALGEMENE BEPALINGS

Klousules 3 tot en met 8 (2) (a) (vi), 8 (2) (b) tot met 14, 15 (2) tot en met 17, 19 tot en met 33, 37 (1) en (2), 38 tot en met 40 van Deel I en klousules 1 tot en met 5 van Deel II van die Vorige Ooreenkoms, soos van tyd tot tyd gewysig, herbekragtig, verleng en/of hersien, is van toepassing op werkgewers en werknemers."

3. KLOUSULE 18: LEDEGELD VIR VAKVERENIGINGS EN WERKGEWERSORGANISASIEHEFFING

(1) Voeg die volgende aan die einde van subklousule (1) by:

"Met dien verstande dat indien 'n drywer, Elkonop 1 of arbeider lid word van een van die vakverenigings wat 'n party is by die Raad, en hy 'n ondertekende aftrekorder-vorm by sy werkgewer indien, moet sodanige werkgewer elke week, met inbegrip van enige tydperk wat die werknemer met verlof is, die bedrag van die ledegeld aan die vakvereniging betaalbaar van sodanige werknemer se loon aftrek en die bedrag aldus afgetrek, saam met die vorm deur die Raad voorgeskryf, aan die Sekretaris van die Raad stuur en wel voor of op die 15de dag van elke maand wat volg op die maand ten opsigte waarvan die bedrag afgetrek is."

(2) In subklousule (3), vervang die uitdrukking "Die S.A. Electrical Workers' Association" deur die uitdrukking "Die toepaslike vakvereniging".

DEEL II**4. KLOUSULE 4: OPGAWE VAN LONE EN VERDIENSTE**

Vervang hierdie klousule deur die volgende:

"4. OPGAWE VAN LONE EN/OF VERDIENSTE

Geen laer lone as die onderstaande mag deur 'n werkgewer betaal of deur 'n werknemer aanvaar word nie:

PART I**(355)****GENERAL CONDITIONS APPLICABLE THROUGHOUT THIS AGREEMENT****1. AREA AND SCOPE OF APPLICATION**

(1) The terms of this Agreement shall be observed by all employers and employees in the Electrical Contracting Industry—

- (a) who are members of the employers' organisation and the trade unions, respectively; and
- (b) who are engaged or employed in the Industry in the Province of the Transvaal; and
- (c) in the Magisterial Districts of Bloemfontein and Sasolburg.

(2) Notwithstanding the provisions of subclause (1), the terms of this Agreement shall apply to apprentices and trainees only in so far as they are not inconsistent with the provisions of the Manpower Training Act, 1981, or any conditions prescribed or any notices served in terms thereof.

(3) For the purposes of this Agreement, the "weekly wage rate" of apprentices prescribed under the Manpower Training Act, 1981, shall be taken to be the weekly wage of such employees, and the "hourly rate" shall be the weekly wage calculated as above, divided by the number of ordinary hours worked in the establishment concerned.

2. GENERAL PROVISIONS

Substitute the following for clause 4 of the Re-enacting Agreement:

"4. GENERAL PROVISIONS

The provisions contained in clauses 3 to 8 (2) (a) (vi), inclusive, 8 (2) (b) to 14, inclusive, 15 (2) to 17, inclusive, 19 to 33, inclusive, 37 (1) and (2), 38 to 40, inclusive, of Part I and clauses 1 to 5, inclusive, of Part II of the Former Agreement, as amended, re-enacted, extended and/or renewed from time to time shall apply to employers and employees."

3. CLAUSE 18: TRADE UNION SUBSCRIPTIONS AND EMPLOYERS' ORGANISATION LEVY

(1) Add the following at the end of subclause (1):

"Provided that should a driver, Elkonop 1 or labourer become a member of one of the party trade unions and submit a signed stop order form to his employer, such employer shall deduct the amount of the subscription payable to the trade union from such employee's wages each week, including any period the employee is on leave, and forward the amount so deducted, together with the form prescribed by the Council, to the Secretary of the Council not later than the 15th day of each month following that in respect of which the deductions were made."

(2) In subclause (3) substitute the expression "The appropriate trade union" for the expression "The South African Electrical Workers' Association."

PART II**4. CLAUSE 4: SCHEDULE OF WAGES AND/OR EARNINGS**

Substitute the following for this clause:

"4. SCHEDULE OF WAGES AND/OR EARNINGS

No employer shall pay and no employee shall accept wages at rates lower than the following:

	Gebied A	Gebied B	Gebied C
	Per uur	Per uur	Per uur
	Sent	Sent	Sent
Meester-elektrisiën	1 623	1 379	1 298
Elektrisiën en ambagsman	1 399	1 189	1 120
Elkonop 3	1 018	865	813
Elkonop 2	864	734	691
Elkonop 1	532	452	427
Drywer van 'n voertuig waar- van die onbelaste massa—			
(a) hoogstens 3 500 kg is...	585	497	468
(b) van 3 501 kg tot 9 000 kg is	692	589	554
(c) 9 001 kg en meer is.....	769	653	615
Arbeider.....	459	389	367"

Soos gemagtig, vir en namens die partye by die Raad, op die 19de dag van Mei 1992 te Johannesburg onderteken.

B. NICHOLSON,
Voorsitter.

J. C. BAKER,
Ondervoorsitter.

G. R. J. STRYDOM,
Sekretaris.
(25 September 1992)

	Area A	Area B	Area C
	Per hour	Per hour	Per hour
	Cents	Cents	Cents
Master electrician	1 623	1 379	1 298
Electrician and artisan	1 399	1 189	1 120
Elkonop 3	1 018	865	813
Elkonop 2	864	734	691
Elkonop 1	532	452	427
Driver of a vehicle, the unladen mass of which is—			
(a) up to 3 500 kg	585	497	468
(b) from 3 501 kg to 9 000 kg	692	589	554
(c) 9 001 kg and over	769	653	615
Labourer	459	389	367"

Signed at Johannesburg, as authorised, for and on behalf of the parties to the Council, this 19th day of May 1992.

B. NICHOLSON,
Chairman.

J. C. BAKER,
Vice-Chairman.

G. R. J. STRYDOM,
Secretary.
(25 September 1992)

No. R. 2689

25 September 1992

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

ELEKTROTEGNIËSE AANNEMINGS- EN BEDIENINGSNYWERHEID (KAAP): WYSIGING VAN OOREENKOMS VIR DIE ELEKTROTEGNIËSE AANNEMINGSEKSIE

Ek, Glen Morris Edwin Carelse, Adjunkminister van Mannekrag, verklaar hierby—

- (a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en betrekking het op die Onderneming, Nywerheid, Bedryf of Beroep in die opskrif by hierdie kennisgewing vermeld, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 Junie 1993 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakverenigings wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of verenigings is; en
- (b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousule 1 (1) (a) met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 Junie 1993 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing wat betrokke is by of in diens is in genoemde Onderneming, Nywerheid, Bedryf of Beroep in die gebiede in klousule 1 van die Wysigingsooreenkoms gespesifiseer.

G. M. E. CARELSE,
Adjunkminister van Mannekrag.

No. R. 2689

25 September 1992

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

ELECTRICAL CONTRACTING AND SERVICING INDUSTRY (CAPE): AMENDMENT OF AGREEMENT FOR THE ELECTRICAL CONTRACTING SECTION

I, Glen Morris Edwin Carelse, Deputy Minister of Manpower, hereby—

- (a) in terms of section 48 (1) (a) of the Labour Relations Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Undertaking, Industry, Trade or Occupation referred to in the heading to this notice, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 30 June 1993, upon the employers' organisation and the trade unions which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or unions; and
- (b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clause 1 (1) (a), shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 30 June 1993, upon all employers and employees, other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Undertaking, Industry, Trade or Occupation in the areas specified in clause 1 of the Amending Agreement.

G. M. E. CARELSE,
Deputy Minister of Manpower.

BYLAE**NYWERHEIDSRAAD VIR DIE ELEKTROTEGNIJSE AANNEMINGS-EN-BEDIENINGSNYWERHEID (KAAP)****OOREENKOMS VIR DIE AANNEMINGSEKSIE**

ooreenkomstig die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen die

Electrical Contractors' Association (South Africa)

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant, en die

Amalgamated Engineering Union of South Africa,**Metal and Electrical Workers Union of South Africa**

en

South African Electrical Workers' Association

(hierna die "werknemers" of die "vakverenigings" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Elektrotegniese Aannemings-en-bediensnywerheid (Kaap),

tot wysiging van die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 971 van 13 Mei 1983, soos verleng en gewysig by Goewermentskennisgewings R. 70 van 13 Januarie 1984, R. 1284 en R. 1285 van 29 Junie 1984, R. 1364 en R. 1365 van 21 Junie 1985, R. 1339 en R. 1340 van 27 Junie 1986, R. 2453 en R. 2454 van 30 Oktober 1987, R. 806 en R. 807 van 21 April 1989, R. 727 en R. 728 van 30 Maart 1990, R. 1637 van 13 Julie 1990, R. 2406 van 12 Oktober 1990, R. 2778 van 22 November 1991, en R. 2072 van 24 Julie 1992.

DEEL I**1. TOEPASSINGSBESTEK**

(1) Hierdie Ooreenkoms moet in die Elektrotegniese Aannemings-en-bediensnywerheid (Kaap) nagekom word—

- (a) deur alle werkgewers en werknemers wat lede van onderskeidelik die werkgewersorganisasie en die vakverenigings is;
- (b) in die landdrostdistrikte Die Kaap, Wynberg [met inbegrip van die gedeelte van die landdrostdistrik Somerset-Wes wat voor 9 Maart 1973 (Goewermentskennisgewing 173 van 9 Februarie 1973) binne die landdrostdistrik Wynberg geval het], Simonstad, Goodwood en Bellville; in die gedeeltes van die landdrostdistrikte Malmesbury en Stellenbosch wat voor die publikasie van onderskeidelik Goewermentskennisgewings 171 van 8 Februarie 1957 en 283 van 2 Maart 1962 binne die landdrostdistrik Bellville geval het en in die gedeelte van die landdrostdistrik Kuilsrivier wat voor die publikasie van Goewermentskennisgewing 661 van 19 April 1974 binne die landdrostdistrik Stellenbosch geval het maar wat voor 2 Maart 1962 binne die landdrostdistrik Bellville geval het en in die gedeelte van die landdrostdistrik Kuilsrivier wat voor die publikasie van Goewermentskennisgewing 1683 van 7 Augustus 1987 binne die landdrostdistrik Bellville geval het.

(2) Ondanks subklousule (1), is hierdie Ooreenkoms van toepassing op vakleerlinge en kwekelinge slegs vir sover dit nie strydig is met die Wet op Mannekragopleiding, 1981, of met voorwaardes of kennisgewings wat daarkragtens voorgeskryf of bestel is nie.

(3) Vir die toepassing van hierdie Ooreenkoms word die "weeklikse loonskaal" wat vir vakleerlinge kragtens die Wet op Mannekragopleiding, 1981, voorgeskryf is, geag die weekloon van sodanige werknemers te wees en is die "uurloon" die weekloon soos hierbo bereken, gedeel deur die getal gewone ure wat daar in die betrokke bedryfsinrigting gewerk word.

355

SCHEDULE**INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE ELECTRICAL CONTRACTING AND SERVICING INDUSTRY (CAPE)****AGREEMENT FOR THE CONTRACTING SECTION**

in accordance with the provisions of the Labour Relations Act, 1956, made and entered into by and between the

Electrical Contractors' Association (South Africa)

(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisation"), of the one part, and the

Amalgamated Engineering Union of South Africa,**Metal and Electrical Workers Union of South Africa**

and

South African Electrical Workers' Association

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade unions"), of the other part,

being the parties to the Industrial Council for the Electrical Contracting and Servicing Industry (Cape),

to amend the Agreement published under Government Notice R. 971 of 13 May 1983, as extended and amended by Government Notice R. 70 of 13 January 1984, R. 1284 and R. 1285 of 29 June 1984, R. 1364 and R. 1365 of 21 June 1985, R. 1339 and R. 1340 of 27 June 1986, R. 2453 and R. 2454 of 30 October 1987, R. 806 and R. 807 of 21 April 1989, R. 727 and R. 728 of 30 March 1990, R. 1637 of 13 July 1990, R. 2406 of 12 October 1990, R. 2778 of 22 November 1991, and R. 2072 of 24 July 1992.

PART I**1. SCOPE OF APPLICATION**

(1) The terms of this Agreement shall be observed in the Electrical Contracting and Servicing Industry (Cape)—

- (a) by all employers and employees who are members of the employers' organisation and the trade unions respectively;
- (b) in the Magisterial Districts of The Cape, Wynberg [including that portion of the Magisterial District of Somerset West which, prior to 9 March 1973 (Government Notice 173 of 9 February 1973), fell within the Magisterial District of Wynberg], Simon's Town, Goodwood and Bellville; in those portions of the Magisterial Districts of Malmesbury and Stellenbosch which, prior to the publication of Government Notices 171 of 8 February 1957 and 283 of 2 March 1962, respectively, fell within the Magisterial District of Bellville and in that portion of the Magisterial District of Kuils River which, prior to the publication of Government Notice 661 of 19 April 1974, fell within the Magisterial District of Stellenbosch but which, prior to 2 March 1962, fell within the Magisterial District of Bellville and in that portion of the Magisterial District of Kuils River which prior to the publication of Government Notice 1683 of 7 August 1987 fell within the Magisterial District of Bellville.

(2) Notwithstanding the provisions of subclause (1) the terms of this Agreement shall apply to apprentices and trainees only in so far as they are not inconsistent with the provisions of the Manpower Training Act, 1981, or any conditions prescribed or any notice served in terms thereof.

(3) For the purposes of this Agreement, the "weekly wage rate" of apprentices prescribed under the Manpower Training Act, 1981, shall be taken to be the weekly wage of such employees, and the "hourly rate" shall be the weekly wage calculated as above, divided by the number of ordinary hours worked in the establishment concerned.

2. KLOUSULE 19. ELEKTROTEGNIËSE ONTWIKKELINGS- EN OPLEIDINGSFONDS VAN DIE ELEKTROTEGNIËSE AANNEMINGSNYWERHEID—

In subklousule (1), vervang die uitdrukking "R2,00" deur die uitdrukking "R2,50".

DEEL II

3. KLOUSULE 4: OPGAWE VAN LONE EN VERDIENSTES

Vervang die bestaande loontabel deur die volgende:

	"Loon per uur R
Meester-elektrisiën.....	15,88
Elektrisiën en ambagsman	13,03
Elkonop 3	9,73
Elkonop 2	9,21
Elkonop 1	6,18
Arbeider.....	5,06
Drywer van 'n voertuig waarvan die onbelaste massa—	
(a) hoogstens 3 500 kg is.....	5,47
(b) van 3 501 kg tot 9 000 kg is.....	6,18
(c) 9 001 kg en meer is.....	7,04".

Soos gemagtig, vir en namens die partye by die Raad, op hede die 11de dag van Junie 1992, te Kaapstad onderteken.

M. MILLER,

Voorsitter van die Raad.

M. BENNETT,

Ondervoorsitter van die Raad.

G. J. J. VAN DER MERWE,

Sekretaris van die Raad.

No. R. 2698

25 September 1992

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

BESKUITNYWERHEID VAN SUID-AFRIKA: HERNUWING VAN OOREENKOMS

Ek, Glen Morris Edwin Carelse, Adjunkminister van Mannekrag, verklaar hierby kragtens artikel 48 (4) (a) (ii) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, dat die bepalings van Goewermentskennisgewings R. 2047 van 7 Oktober 1988, R. 2758 van 15 Desember 1989, R. 1877 van 10 Augustus 1990 en R. 1600 van 5 Julie 1991, van krag is vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 28 Februarie 1993 eindig.

G. M. E. CARELSE,

Adjunkminister van Mannekrag.

No. R. 2699

25 September 1992

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

BESKUITNYWERHEID VAN SUID-AFRIKA: WYSIGING VAN OOREENKOMS

Ek, Glen Morris Edwin Carelse, Adjunkminister van Mannekrag, verklaar hierby—

- (a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en betrekking het op die Onderneming,

2. CLAUSE 19. ELECTRICAL DEVELOPMENT AND TRAINING FUND FOR THE ELECTRICAL CONTRACTING INDUSTRY—

In subclause (1) substitute the expression "R2,50" for the expression "R2,00".

PART II

3. CLAUSE 4: SCHEDULE OF WAGES AND/OR EARNINGS

Substitute the following for the existing table of wages:

	"Rate per hour R
Master electrician	15,88
Electrician and artisan	13,03
Elkonop 3	9,73
Elkonop 2	9,21
Elkonop 1	6,18
Labourer.....	5,06
Driver of a vehicle, the unladen weight of which is—	
(a) up to 3 500 kg	5,47
